# GESKIEDENIS
VIR
# DIE KINDERS

DEUR

JAN VAN NES.
Oud Onderwyser.

## DEEL I.

VANAF VROEERE BEWONERS VAN SUIDAFRIKA
TOT SLACTERSNEK REBELLIE.

**Vir Groep I.**
**Standerd III en IV.**

---

NEGENDE DRUK.

---

Gedruk en Uitgegee deur
"Die Weste"-Drukkery, Bus 123, Potchefstroom.
193[illegible]

kb
8968
JAN

## VOORBERIG.

Dat daar alreeds so gou 'n agste druk van hierdie boekie nodig geword het, is 'n bewys, dat dit in 'n bestaande behoefte voorsien.

Hartelike dank aan al die onderwysers, wat die boekie in gebruik geneem het.

DIE SKRYWER.

VII. Maak nou en dan gebruik van die hoofstuk agter in die boekie onder die hoof: Geskiedenis in 'n Skulpie. Dit is bedoel as 'n kort oorsig van ons geskiedenis en om 'n onderlinge verband te gee aan die vernaamste feite, wat elke kind van sy vaderlandse geskiedenis behoort te weet. Dit kan tegelyk dien as fondament, waarop meer uitgebreide studie kan gebou word.

VIII. Jaartalle het ook hulle nuttige sy, maar daar mag geen misbruik van gemaak word nie. Laat nie jaartalle leer om daarmee geskiedenis in te pomp nie. Maak 'n redelike gebruik daarvan om 'n sekere mate van tydsrekening aan die leerlinge te gee, want elkeen behoort te weet dat Jan van Riebeek, Piet Retief en Paul Kruger nie almal in dieselfde tyd geleef het nie.


## INHOUD.

---

Iets oor die bewoners van Suidafrika toe die eerste Witmense hier kom woon het .. 9
Die vroeëre handel tussen Indië en Europa .. 10
Die eerste pogings om 'n goedkoper pad na Indië te soek .. .. .. .. .. .. 13
Bartolomeus Dias .. .. .. .. .. .. 15
Columbus ontdek Amerika .. .. .. .. 17
Vasco Da Gama maak sy eerste reis na Indië 18
'n Paar redes waarom die Portugese nie 'n kolonie aan Kaap die Goede Hoop gestig het nie. .. .. .. .. .. .. 29
Die oorsaak waarom Holland self handel gaan dryf het met Indië .. .. .. .. 22
Twee oorsoke wat aanleiding gegee het tot die blywende vestiging van witmense in Suidafrika. .. .. .. .. .. .. 24
Stigting van 'n verversingstasie aan die Tafelbaai onder die bestuur van Jan van Riebeek. .. .. .. .. .. .. 27
'n Paar name van Kommandeurs. .. .. .. 30
Simon van der Stel .. .. .. .. .. .. 32
Die Hugenote .. .. .. .. .. .. 35
Willem Adriaan van der Stel en Adam Tas .. 38
'n Treurige Geskiedenis .. .. .. .. 42
Ryk Tulbagh .. .. .. .. .. .. 44
Joachim van Plettenberg .. .. .. .. 47
Die Franse aan die Kaap .. .. .. .. 49
Die Heldedaad van Wolraad Woltemade. .. 50
Cornelius Jacob van de Graaff .. .. .. 51

'n Keerpunt in die Geskiedenis .. .. .. 50
Twee Kommissarisse. .. .. .. .. .. 52
Die Engelse neem die Kaap .. .. .. .. 55
Eerste Britse Okkupasie. .. .. .. .. 58
Die Kaap onder bestuur van die Bataafse Republiek .. .. .. .. .. .. 61
Engeland neem die Kaap vir die twede maal 62
Die eerste jare onder die Engelse bestuur .. 64
Die Rondgaande Hof, ook wel genoem die Swarte Omgang .. .. .. .. .. 68
'n Paar van die Vernaamste Jaartalle .. .. 71
Geskiedenis in 'n Skulpie. .. .. .. .. 73

——ooo——


MIDDEN- EN SUID-AFRIKA
NYL
BLOU NYL
EKWATOR
VIKTORIA NYANZA MEER
CONGO RIVIER
TANGANYIKA MEER
SWART NASIES
NYASSA MEER
ZAMBESIE
MOZAMBIEK
KAFFERS
SOFALA
LIMPOPO
WALVIS BAAI
HOTNOTS
BOESMANS
KAFFERS
VAAL
ANGRA PEQUENA
HOTNOTS
HOTNOTS
SANTA CRUZ
KAAP GOEDE HOOP

# IETS OOR DIE BEWONERS VAN SUIDAFRIKA TOE DIE EERSTE WITMENSE HIER KOM WOON HET.

PARTY van die kinders, wat hierdie boekie lees, het miskien al gehoor, dat in ons land nie altyd witmense gewoon het nie. Julle weet ook al, dat daar baie soorte nasies op die wereld is. Daar is Wittes, Swartes, Geles, Bruines, Vales, en wie weet watter soorte.

Daar was nie altyd witmense in Suidafrika nie.

In ons land is daar ook al 'n hele paar soorte, maar hulle het nie altyd hier gewoon nie, en toe die eerste klompie witmense hulle aan die Kaap gevestig het, was hier net drie soorte gekleurde nasies, wat ons nou naturelle noem, dat wil sê: mense wat hier natuurlik tuis behoort. Hulle word ook wel kleurlinge genoem, omdat hulle vel nie wit is nie. Die een soort noem ons Hotnots, die ander soort Boesmans, en die ander een Kaffers. Hierdie drie soorte het nie deurmekaar gewoon nie, maar almal op verskillende plekke. As ons nou mooi op die kaartjie kyk, wat hier langsaan staan, dan kan ons sien, waar hulle gebly het, toe die eerste witmense aan die Kaap gaan woon het. Die Hotnots het meesal aan die Weskus, en Suidkus rond getrek; die Kaffers het aan die Oostekant gewoon, en die Boesmans in die middel.

Drie soorte gekleurde nasies.

Hotnots Boesmans Kaffers.

Waar hulle gewoon het.

Later sal ons leer hoe hulle geleef het, en hoe hulle gewoontes was, maar op die oomblik is dit genoeg om te weet, dat die Hotnots net rondgetrek het meesal langs die kant van die see. Party van hulle

Hotnots rondgetrek

net vee gehad en het hoofsaaklik geleef van melk en van uintjies en wortels, wat hulle uit die grond grawe, terwyl die arm soort weer meer van die visse in die see geleef het, vernaamlik van skulpdiere soos mossels en oesters.

**Boesmans van jag en steel gelewe.**

Die Boesmans het nie vee gehad nie, maar het net geleef van wilde bokke, wat hul skiet met giftige pyle of wat hulle in 'n gat vang, en as hulle die kans had, het hulle ook baie maal vee van die Hutnots gesteel.

**Kaffers meer beskaaf. Grond bewerk**

Die kaffers was al 'n bietjie beter geleer, want hulle het al grond bewerk en gesaai. Hulle kon al bietjie met yster werk; hulle het assegaaie gemaak om mee te veg en pikke om die grond mee los te maak vir hulle gesaaides.

Nou weet ons kleintjies genoeg van die gekleurde nasies, wat hier gewoon het, toen ons oupa se oupa hier aangekom het. Maar nou sal ons probeer om uit te vind waarom ons oupa se oupa hier kom woon het, en waar hulle vandaan gekom het.

---

## DIE VROEERE HANDEL TUSSEN INDIE EN EUROPA.

DIS baie goed om te weet waarom ons voorouers na Suidafrika gekom het. Dis miskien 'n bietjie moeilik om dit so dalik te verstaan, maar as ons net mooi lees en oplet dan sal dit nie te moeilik wees nie.

Om julle dit nou mooi duidelik te maak, moet ons eers bietie uit die grootpad uitdraai.

Julle het almal al gesien, dat as ma die dag ons kos regtig lekker wil kook, dan gooi sy daar peper of naeltjies in, of sy strooi kaneel oor die melktert.

Nou wil ek amper 'n weddenskap maak, dat g'n een van die kinders in hierdie skool 'n kaneelboom, of 'n naeltjieboom gesien het nie. So is daar in ander parte van die wêreld weer kinders wat nog nooit 'n mielieplant of 'n twaksplant gesien het nie. Julle moet weet, dat al die soorte plante en bome nie orals op die wereld ewe goed wil groei nie, want party plante wil graag baie son en warmte hê, en ander wil weer beter beantwoord in koue lande. **Speserye groei nie orals nie.**

So wil naeltjies, peper, kaneel en sulke dinge, wat ons speserye noem, net alleen in lande groei, waar dit baie warm is, en waar baie reën val. **Speserye groei in warm lande.**

Die lande waar die speserye die beste groei noem ons Indië, en in die lande waar ons voorouers vandaan kom—die stuk wat ons Europa noem—wil sulke goed glad nie groei nie, want dis te koud daar.

Kyk nou mooi op die kaart waar Europa is, dan weet ons ook al weer waar ons voorouers vroeër gewoon het, en kyk ook waar Indië is, dan weet ons ook waar die speserye groei.

Nou begryp julle seker, dat die mense in Europa ook maar graag 'n bietjie peper in hulle kos gegooi het, net soos ons, en omdat sulke goed daar nie groei nie, moes hulle dit in Indië gaan haal. **Europeane moet speserye in Indië gaan haal.**

Behalwe die speserye het die koopmans daar ook ander artiekels gaan haal, soos b.v. diamante, goud, ivoor, tee, rys en baie ander dinge. Julle kan dus begryp dat daar 'n groot handel tussen Europa en Indië was, en die man wat al die koopware die goedkoopste kon oorbring, kon ook die meeste wins maak.

Verskillende handelsweë van Europa na Indië.

So was daar ook verskillende handelspaaie tussen die lande, maar hulle was algar lang en duur. Die goedkoopste pad was nog wat op die kaartjie afgeteken staan, agter in die boek.

Goedkoopste pad deur Rooi-see

Die skepe, wat van Indië af gekom het, moes eers deur die Arabiese-see, dan deur die Rooi-see—waar ons al baie in ons bybelse geskiedenis van gehoor het—maar aan die end van die Rooi-see was daar 'n streep grond waar die skepe nie verder kon vaar nie, en dan moes die goed op kamele gelaai word, en naar die Middellandse-see gebring word, om dan weer met skepe verder na Europa te gaan. Julle begryp dat dit baie duur transport was, want 'n kameel kan maar omtrent die gewig van 'n paar sak mielies dra, en elke kameel het ook 'n leier nodig. Om al die redes het die speserye maar taamlik duur gekos in daardie tyd. Vandag gaan dit beter en makliker, want die slim mense het 'n groot kanaal gegrawe dwars deur die streep land, waar vroeër die kamele die koopware moes oordra. Die kanaal word Suezkanaal genoem, en die grootste skepe kan daar deur vaar, sodat die transportkoste nou veel goedkoper is.

Transport met kamele duur.

Vandag is daar Suez-kanaal.

Behalwe die seeweg wat op die kaartjie agter

in die boek aangeteken staan, was daar nog ander handelspaaie, wat heeltemal oor land gegaan het, maar daarvan sal ons later leer. Meester kan julle op die kaart aanwys hoe die koopmans oor land van Indië na Europa getrek het.

---

## DIE EERSTE POGINGS OM 'N GOEDKOPER PAD NA INDIE TE SOEK.

DIE koopmans wat in vroeër dae die handel op Indië gedryf het, was hoofsakelik woonagtig in Venetië en Genua. Kyk op die kaart, aan die Middellandse-see. Hulle het baie ryk geword en deur al die handel het die ander mense in die twee stede ook buitegewoon voorspoedig gewees, sodat die bewoners van ander groot dorpe, wat ook aan die see lê, bietjie jaloers geword het, want hulle wou ook graag ryk en magtig word, en direk met Indië handel dryf.

*Venetië en Genua vroeër groot handelsplekke.*

So was daar in Portugal ook 'n pragtige hawe, met die naam Lissabon, waar 'n sekere Prins gewoon het met die naam Hendrik, en omdat hy so lief was om op die see te vaar, het hy die bynaam gekry van Seevaarder.

*Hendrik die Seevaarder het veel daar aan gedoen om 'n goedkoper handelspad te kry.*

Daardie Hendrik die Seevaarder het 'n groot stoot vorentoe gegee aan die plan om 'n goedkoper handelspad naar Indië te soek, en om nou goed te

begryp, moet ons eers weer bietjie die kaart bestudeer. Ons moet ook weet, dat die wereld, soos ons die vandag ken, in daardie dae nog maar vir 'n klein deel by die witmense bekend was.

Skepe gaan al langs die kus.

Van Afrika het hulle net die Noordkus langs die Middellandse-see geken, 'n stuk van die Ooskus en maar net 'n klein stukkie van die Weskus. Die suidelike deel van Afrika, waar ons nou woon, was toe nog heeltemal onbekend.

Party geskiedskrywers sê, dat Hendrik die Seevaarder nie die bedoeling gehad het om 'n handelspad naar Indië te soek nie, maar dat hy die Kristelike Godsdiens oor die aarde wou versprei. Maar hoe dit ook is, tog het hy veel daartoe bygedra die weg naar Indië oop te maak, want latere ontdekkingsreisigers het van sy ondervinding en aantekeninge gebruik gemaak om hulle planne ten uitvoer te bring.

Die Skepe gaan elke maal verder en verder.

Om sy beskawingsplan uit te voer het hy gereëld skepe uitgestuur om al langs die Weskus van Afrika te seil en elke maal verder en verder te gaan. Dit was nie altyd so maklik om daar matrose voor te kry nie, want die mense van daardie dae was nog nie so geleerd as teenwoordig nie, en hulle het nog baie bygelofies gehad waar ons nou om lag, omdat ons dit beter weet. So het party gedink, dat die aarde plat was, en daarom was die matrose bang dat hulle naderhand by 'n plek sal kom waar hulle van die aarde sal afval, of „om die hoekie gaan," soos die Hollandse spreekwoord sê. So was daar weer ander, wat gedink het dat die seewater moet kook op die plek waar

Moeilik om matrose te kry, nog baie bygelofies.

die son reg oor die see gaan. Miskien het hulle die plek bedoel wat ons die ewenaar of ekwator noem—kyk op die kaart, en laat Meester vir jou wys. Om die redes het hy dikwels moes bandiete neem vir matrose, dus julle kan begryp dat die kaptein van so'n skip, wat 'n ontdekkingstog gaan maak, 'n sterk kêrel moes wees—nie alleen van liggaam nie, maar ook van hart. Partymaal word bandiete gebruik.

Naderhand is Hendrik die Seevaarder dood, maar sy werk het sulke goeie vrugte gedra, dat dit later verder voortgeset is.

**AANTEKENING.**

**Laat die kinders die verskillende seepaaie op die wereldkaart agter in die boekie met rooi ink invul.**

## BARTOLOMEUS DIAS.

1486

SES-EN-TWINTIG jaar na die dood van Hendrik die Seevaarder is daar weer 'n man uitgestuur deur die Portugese met die opdrag om nou so ver as moontlik deur te vaar en te probeer Indië te bereik. Seil al langs die kus.

Sy naam was Bartolomeus Dias; hy was 'n dapper man, met 'n hart wat vir niks gestuit het nie. Hy het net soos die ander kapteins al langs die Weskus geseil; so hier en daar vars water ingeneem en sy matrose laat rus. Nadat hy in een van die baaie, wat nou as Angra Pequena op die kaart staan, weer water ingeneem het, is hy verder langs die kus af, Neem orals vars water in Laat sy matrose rus.

'n Storm dryf hom die see in.

maar toe hy by die mond van Oranjerivier kom, het daar so'n swaar storm opgesteek, dat hy sy skepe nie naby die kus kon hou nie, en hy werd ver in die see gedryf.

Vaar eers weer oos en toe weer noord.

Toe die storm bedaar, het hy nie geweet waar hy was nie; daarom het hy in 'n oostelike rigting gevaar, dinkende dat hy sal land kry, maar hy kry nie land nie, want sonder hy dit wis, was hy die punt van Afrika al verby. Hy probeer nou Noord, want—dink hy—as ek die punt van Afrika verby is, dan moet ek tog weer land kry. En so was dit ook. Na

Sien land, vaar verder oos langs kus. Plant kruis op eilandjie.

enkele dae sien hulle weer land. Hulle vaar toe nog vir 'n tydjie Oos en kom tot by 'n eilandjie wat voor 'n baai lê, waar naderhand Port Elizabeth gebou is. Op die eilandjie het hy 'n kruis geplant as 'n teken, dat hy nou die land vir Portugal annekseer, en die

Vaar nog bietjie verder Matrose uitgeput.

naam is nog altyd Santa Cruz—dit beteken Heilige Kruis. Hy het toe nog 'n end verder gevaar, miskien so ver as die mond van Visrivier, maar sy matrose was so uitgeput van siekte en vermoeienis, dat hulle

Keer terug.

weier om verder te gaan, en so moes hy maar toegee en teruggaan.

Stormkaap of Kaap die Goede Hoop.

Toe hy by die punt van Afrika kom, steek daar weer 'n storm op en daarom noem hy die punt Stormkaap, maar toe hy by die Koning van Portugal kom en hom vertel van al sy wederwaardighede, toe sê die koning: "Nee laat ons die kaap liewers Kaap die Goede Hoop noem, want nou is daar hoop, dat ons die nuwe pad naar Indië sal reg kry!"

Party geskiedskrywers sê, dis nie waar nie

Hulle het dokumente gevind wat bewys, dat Bartolomeus Dias self die naam van Goede Hoop ook voorgestel het. Maar dit maak nie saak nie; altwee die name is goeie name, en dit sal ook die grootheid van Bartolomeus Dias se naam nie kleiner maak nie of hy nou die punt van Afrika Storm Kaap of Kaap de Goede Hoop genoem het.

---

## COLUMBUS ONTDEK AMERIKA.

1488

Rede waarom nie dadelik weer skepe uitgestuur is.

DIT lyk amper snaaks dat die koning van Portugal nie dadelik weer ander skepe uitgestuur het om die ontdekkingsreise verder voort te sit nie. Miskien was daar op die oomblik nie geld voor te kry nie, maar 'n ander vername rede was, dat daar kort na die terugkoms van Bartolmeus Dias 'n ander man gekom het met 'n heel ander voorstel om Indië te bereik. Sy naam was Columbus. Hy het geweet, dat die wereld rond is, daarom, sê hy, moet dit moonlik wees om by Indië te kom as mens aanhou wes vaar. En soos Meester jou sal wys, was hy heeltemal reg, maar hy het nie geweet nie, dat daar tussen Europa en Indië 'n ander groot land was waar die mense van daardie tyd nog niks van geweet het nie. Kyk op die kaart watter land dit is.

Columbus wil wes vaar om by Indië te kom.

Daardie Columbus het van die koning van Spanje skepe gekry om sy plan uit te voer. As julle groter is, moet julle sy geskiedenis seker lees, want dis

1490. Columbus ontdek Amerika.

regtig goed om dit te weet, hoe die man sy doel bereik het, en hoe sleg hy naderhand behandel is; maar dis nou genoeg om te weet, dat hy nie by Indië gekom het nie, maar by die eilande wat teen die groot nuwe land lê, wat ons nou Amerika noem.

Eilande word Wes-Indië genoem.

Columbus self het darem tog gedink dat hy 'n nuwe weg naar Indië ontdek het, en daarom het hy die eilande Indië genoem, maar later het dit geblyk dat dit nie Indië was nie, en toe het die eilande die naam van Wes-Indië gekry.

Spanje word ryk en Portugal word jaloers

Columbus het baie goud, pragtige vere en ander mooi dinge teruggebring en duur verkoop, sodat die koning van Spanje toe gereeld skepe soontoe gestuur het. Die Portugese wou toe ook hulle skepe daarheen stuur maar die koning van Spanje het hulle dit belet, en dit het die Portugese afgunstig gemaak, sodat hulle toe weer planne gemaak het om die oue ontdekkinge van Bartolomeus Dias weer verder voort te sit.

---

1497.

## VASCO DA GAMA MAAK SY EERSTE REIS NA INDIE.

Vasco da Gama uitgestuur.

IN 1497 het die Portugese weer vier klein skepies uitgestuur met Vasco da Gama as hoofbevelhebber—hoof-kommandant sou ons sê. Hy was 'n dappere en bekwame man, en hy het hom vas voorgeneem om nie om te draai nie as daar een seeweg om Afrika na Indië te vinde is. Hy het net soos

Dias al langs die kus van Afrika geseil en al die plekke verby gegaan waar Dias al voor hom gewees het. Op die 25ste Desember van dieselfde jaar was hy al sover as die land wat nou nog Natal genoem word. Hy het die land daardie naam gegee omdat hy dit op 25 Desember—dit is op Kersfees—vir die eerste maal gesien het, en geboortedag beteken in sy eie taal Natal. So het hy verder al langs die Ooskus op gegaan. Waar 'n goeie landingplek was, het hy vars water ingeneem en kennis gemaak met die volkstamme wat daar gewoon het, totdat hy ten laaste by Mozambiek aangekom het. Hier het heelparty Arabiere gewoon, wat met die inboorlinge handel gedryf het, en hulle het Vasco da Gama vrindelik ontvang. Hy huur van hulle twee loodse—dit is mense wat die seepaaie baie goed ken—om sy skepe nou verder na Indië te bring, want soos julle op die kaart sien, moet hy nou nie verder langs die kus gaan nie, maar reg deur see. Maar toe die Arabiere hoor, dat da Gama en sy matrose Kristene was, draai die spul net andersom, want die Arabiere het 'n ander godsdiens as ons. Die loodse vlug; daar is gevegte en da Gama moes toe maar sien om klaar te kom. Wel, hy het dit tog sonder die loodse ook goed reg gekry.

Ontdekking van Natal.

Altyd verder langs kus tot by Mozambiek.

Twee loodse gehuur.

Arabiere veg met Vasco da Gama.

Hy het veilig in Indië gekom en sy skepe vol gelaai met allerhande koopware, wat in Europa duur kon verkoop word. Julle begryp, dat die Portugese hom baie vrindelik ontvang het toe hy in Portugal terug kom, want nou is die seeweg na Indië oop en nou kon hulle ryk en magtig word.

Kom veilig in Indië en open die handel.

1500

## 'N PAAR REDES WAAROM DIE PORTUGESE NIE 'N KOLONIE AAN KAAP DIE GOEDE HOOP GESTIG HET NIE.

Portugal stuur 18 skepe na Indië.

AL gou nadat Vasco da Gama in Portugal terug gekeer het, is daar deur die koning en sy ryk vrinde skepe in orde gemaak om te gaan handel dryf met Indië. In 1500 is daar 13 skepe uit Lissabon uitgeseil om hulle geluk te gaan beproef, maar van die eerste vloot is maar min tereg gekom. Slegs 5 van die skepe het teruggekeer, en die ander is almal deur storms verniel. Op een van die verongelukte skepe was ons arme Bartolomeus Dias, wat ook sy graf in die see gevind het, waar hy eers soveel eer op behaal het.

Bartolomeus Dias veronge-luk met sy skip.

Portugal open orals handels-stasies.

Maar die Portugese het darem nie bang geword nie, want hulle het aangehou en gewen. Orals langs die Ooskus van Afrika het hulle handelsstasies gemaak om ruilhandel te dryf met die swart nasies, en net so in Indië. Dit het egter alles nie so maklik gegaan nie, want die Arabiere het probeer om hulle te verdryf, maar die Portugese was dapper en het hulle vyande meesal gewen.

Redes waarom Portugal die Kaap verby gegaan het.

Maar ons moet nou eers 'n bietjie gesels waarom dit is, dat die Portugese ook nie 'n kolonie aan die Kaap gestig het nie, want as hulle daar gaan woon het, dan sou die geskiedenis van Suidafrika heel waarskynlik glad anders gewees het, as wat dit vandag is.

Geen goud te kry aan die Kaap.

Julle weet nog dat Columbus Amerika ontdek het, en dat die Spanjaarde baie goud van daardi

land terug gebring het. Wel, die Portugese wou ook graag soveel goud na hulle land bring, en hulle het al gou uitgevind, dat daar geen goud by die Kaap die Goede Hoop te vinde was nie, en dat aan die Ooskus by Sofala wel goud te kry was, want die Arabiere, wat daar gewoon het, kon taamlike klompies goud van die inboorlinge ruil, en daarom het die Portugese daar eerste gaan woon. Dan het daar nog 'n ding gebeur by die Kaap, wat hulle 'n bietjie skrik gemaak het vir die plek.

By Sofala wel goud te kry.

Gewoonlik het hulle skepe by die Kaap geland om vars water in te neem en om vars vleis te kry van die Hotnots. So het daar in 1510 ook drie skepe, wat van Indië terug gekom het, by die Kaap geland om vars water en vleis te kry. Op een van die skepe was die onderkoning van Indië, met die naam Francisco d'Almeida, en ook heelparty offisiere van vername famielies.

1510.

Francisco d'Almeida.

Die matrose wat aan land gestuur was om die water in te neem, en die vleis te ruil, het eers baie goed klaargekom met die Hotnots, maar naderhand het daar rusie gekom met die bruin nasie—party sê oor 'n sakmes—en 'n paar van die Portugese het 'n dugtige pak slae gekry. Dit kon die eergevoelige Portugese nie verdra nie, en die offisiere van die skepe het Franciso d'Almeida oorgehaal om die Hotnots te gaan straf.

Matrose ruil vleis met Hotnots en kry rusie.

Die volgende môre het hy met 150 man aan land gegaan, maar hulle was net gewapen met swaarde en lanse en geen geweers nie. Nou, die Hotnots kon baie

Francisco d'Almeida land met 150 man om

*die Hotnots te straf maar word met nog 60 man vermoor.*

vinnig loop en hulle kon goed met klippe gooi, sodat die geveg maar net sleg vir die Portugese afgeloop het. Party van hulle het al gou-gou gevlug, maar Francisco d'Almeida en sy offisiere met nog 60 of 65 man is daar dood agtergebly.

*Portugal laat die Kaap links lê.*

Julle begryp, kinders, dat die Portugese die Kaap toe maar links laat lê het. Natuurlik, as daar goud gewees het, dan sou hulle om so'n klein redetjie nie daar weg gebly het nie. So dit is miskien maar goed vir ons, dat daar nie goud aan die Kaap was nie, want dan het die Portugese hier seker 'n kolonie gestig. En waar sou ons dan gewees het?.. .. Wat dink julle?.... Dis moeilik om te sê, né!

Maar ons kan darem hier alweer uit leer dat: „Klein oorsakies het soms groot gevolge."

---

*1580.*

## DIE OORSAAK WAAROM HOLLAND SELF HANDEL GAAN DRYF HET MET INDIE.

*Portugal kry konkurensie*

PORTUGAL het vir lange jare so te sê alleen die handel met Indië gedryf nadat Vasco da Gama die pad oopgemaak het, maar daar het 'n tyd gekom, dat hulle konkurensie gekry het. In Afrika sê baie mense „kompetiesie" vir die snaakse woord maar hulle beteken dieselfde.

*Oorlog tussen Holland en Spanje oor godsdiens*

Hoor hoe dit gekom het. In die tyd dat Portugal die alleen-handel met Indië had, was daar oorlog met Spanje en Holland oor godsdiens, wat omtrent 80 jaar geduur het. So kon die Hollanders daar

nie aan dink om self skippe na Indië te stuur nie, en vir lange tyd het hulle die produkte van Indië by die Portugese in Lissabon gaan koop. Fillips II, Koning van Spanje, was toe ook die Vors oor Holland. Hy was 'n Rooms-Katoliek en hy wou hê, dat al die Hollandse Protestante ook weer moes Katoliek word, maar hulle wou nie, en dit het toe die 80 jarige oorlog afgegee.

**Die koning van Spanje wil dat Hollanders weer moet Katoliek word.**

Toe die oorlog teen Holland al amper 35 jaar geduur het, word dieselfde Filips II ook koning oor Portugal, en om hom nou op die Hollanders te wreek, belet hy die Hollandse skepe om die hawe van Lissabon binne te seil en daar te handel.

**Die hawe van Lissabon gesluit vir Hollandse skepe.**

Hy meen toe, dat hy 'n baie slim streek teen die Hollanders bedink het, maar dit was net andersom. Daar was in daardie dae 'n paar Hollanders—die Gebroeders Houtman—wat al met die Portugese skepe saamgevaar het, en hulle wis die pad naar Indië net so goed as die Portugese.

**Gebroeders Houtman ken ook die pad na Indië.**

Die twee broers Houtman gaan na Holland terug en hulle het al gou van die ryk koopmans 'n skip gekry om hulle geluk in die handel op Indië te gaan beproef, en dit het so goed gegaan, dat daar naderhand glad te veel skepe Indië toe gegaan het, sodat dit partymaal al gebeur het, dat daar 'n klomp skepe gelyk in Holland terug kom en dan kon hulle nie goeie pryse vir hul goed kry nie. So gaan dit in hierdie land ook. As daar te veel waens tegelyk op die mark kom, dan word die hawer se prys minder. So was dit ook met die goed wat die skepe na

**Eerste Hollandse skip naar Indië.**

Stigting van die Oos-Indiese Kompanie.

Holland gebring het. Maar die koopmans het gou 'n plan gekry. Hulle sê, kom laat ons almal saamwerk en net een groot kompanie maak, dan kan ons die goed, wat die skepe bring, in groot pakhuise bêre en verkoop dit soos die winkeliers dit nodig kry. En so het in 1602 die *"Nederlandsche Oost-Indiesche Compagnie"* tot stand gekom, maar ons sal hom nou maar vir ons gemak die O. I. Kompanie noem. Dis meer Afrikaans.

---

## TWEE OORSAKE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE BLYWENDE VESTIGING VAN WITMENSE IN SUIDAFRIKA.

Die Kompanie boer vorentoe.

DIE N.O.I. Kompanie het al gou vorentoe geboer—of liewers vorentoe gevaar—en is een van die magtigste kompanies geword wat die mensdom ooit gesien het. Die kompanie se handel het so uitgebreid geword, dat die hoofbestuur uit sewentien direkteure bestaan het. Hulle het mees in Amsterdam gewoon, en hulle staan vandag nog bekend as die Kamer van Sewentien. Onthou dit goed, want julle sal nog baie maal lees van die Kamer van Sewentien. Hulle het gou gesien dat die Tafelbaai en Simonsbaai die beste plekke was, waar hulle skepe kon anker om vars water in te neem, en partymaal vars vleis van die Hotnots te ruil vir 'n stukkie yster of twak, of ander klein goedjies.

Kamer van Sewentien

Een van die groot moeilikhede, waar die Kamer van Sewentien mee te kampe had, was om sy matrose gesond te hou, want julle moet weet, dat die reis van Holland na Indië soms tot 8 maande geneem het, omdat in daardie dae nog nie stoomskepe bekend was nie. Die matrose moes hoofsakelik lewe van soutvleis en droë beskuit—van die soort wat ons klinkers noem—en as 'n mens vir lang tyd van die soort kos moet lewe, dan kry jy daarvan 'n siekte wat skeurbuik genoem word, en dis 'n slegte siekte, wat soms gevaarlik kan word. Die lyers daaraan kry koors, hulle tande word los, hulle word lomerig, en kan naderhand glad nie werk nie. Die enigste geneesmiddel daarvoor is rus en vars groente en dit kon 'n mens op die skepe van daardie dae glad nie kry nie. Nou is dit wel moontlik, want die skepe het nou meesal hulle koelkamers, waar groente, en vleis en vrugte so vars bly as of dit so van die mark kom. Maar toentertyd was die mense nog nie so slim om koelkamers te maak nie. Nou kan julle seker begryp, dat die Kamer van Sewentien—of te wel die bestuurders van die Kompanie—al baie maal gewens het, dat daar so'n tuintjie middelin die see moes wees, waar hulle die groente kon kry, maar hulle het nooit op die idee gekom om die tuin aan die Kaap te maak nie. Daar moes eers iets gebeur om hulle oë oop te maak. Dit gebeur met ons ook maar baie maal: 'n ding wat vlak voor ons lê, sien ons nie raak nie: ons soek gewoonlik te ver. So was dit ook met die Kamer van Sewentien. Hulle skepe het vir 50

Siekte onder matrose.

Skeurbuik.

Geneesmiddel vir skeurbuik is groente en vrugte.

O.I. Kompanie wens dat daar 'n groentetuin in die see was.

Skepe van Kompanie 50 jaar lang net water ingeneem by die Kaap.

jaar lang by die Tafelbaai stil gehou sonder dat hulle daaraan gedink het om daar 'n tuin te maak en sodoende hulle matrose gesond te hou. En die snaakste van alles is, dat die ding, wat moes gebeur om die direkteure se oë oop te maak, gelyk het of dit 'n groot teenspoed vir die Kompanie was. Daar moes eers 'n skip strand, en die offisiere van daardie gestrande skip moes die plan vir die groentetuin gee. Maar laat ons mooi vertel. Die naam van die skip was:

'n Ongeluk moet die plan gee om tuin aan te lê.

1648.

## Die Haarlem.

Die Haarlem strand.

In die jaar 1648 het die skip deur 'n storm op die strand naby Tafelbaai geloop, maar die skip het nie dadelik heeltemal stukkend geslaan nie; daar was nog tyd om party goed te red waaronder ook bietjie groentesaad was. Die manskappe het vir hulle hutte gebou, en omdat dit reëntyd was het hulle die saad gesaai, en dit het so pragtig gegroei, dat hulle al gou oorvloed van groente gehad het.

Matrose maak hutte en begin tuinmaak.

Bemanning word deur ander skepe weer na Holland gebring.

Nadat hulle daar omtrent ses maande was, het daar 'n vloot Hollandse skepe van Indië afgekom, wat weer terug gaan na Holland. Natuurlik was daar groot blydskap oor die ontmoeting, en het die bemanning van die Haarlem saam na Holland teruggegaan. Twee van hulle offisiere—Janssen en Proot—het 'n verslag opgetrek van hulle ontmoetinge, en hulle het daarin duidelik gemaak hoe goed dit sal wees, as die O. I. Kompanie daar 'n verversingstasie sal maak om te sorg, dat al die skepe daar gereeld

Twee offisiere maak rapport en raai die Kompanie aan 'n verversingstasie by die

vars groente, vars vleis en vars brood kon kry, en ook om daar 'n hospitaal te bou vir die matrose, wat te siek is om verder te gaan. Die Kompanie moes daar eers nog 'n paar jaar oor slaap, maar op laas het hulle tog besluit om die plan agtermekaar te sit.

Kaap op te rig. Kompanie moet eers daaroor slaap.

---

## STIGTING VAN 'N VERVERSINGSTASIE AAN DIE TAFELBAAI ONDER DIE BESTUUR VAN JAN VAN RIEBEEK.

1652.

TOE die O.I. Kompanie al sy planne mooi agtermekaar had, het hulle vir Meneer Proot die betrekking van Kommandant van die Stasie aangebied, maar omdat hy geen lus daarvoor had nie, het hulle die betrekking aan Jan van Riebeek gegee en hy was nou net die regte man op die regte plek. Hy was eintlik 'n skeepsdokter, maar hy het ook verstaan om orde te hou oor sy manskappe, en dit was nodig, want in daardie dae kon 'n mens nie somaar uitsoek vir daardie soort werk nie. Die mense wou toe nie graag hulle land verlaat nie, maar tog het hy 'n honderd en vyftig man bymekaar gekry om met hom saam te gaan, en probeer die verversingstasie 'n sukses te maak.

Jan van Riebeek gaan met 150 man na die Kaap.

Drie skepe — die Drommedaris, die Reiger en die Goede Hoop—werd vol gelaai met materiaal wat nodig sou wees om 'n begin te maak met die stasie. In April 1652 het hulle by die Kaap aangekom en dadelik met hulle werk begin. Eers het hulle 'n hoë

In April aangekom.

Eers 'n groot kraal gemaak en hout huisies opgeslaan.

muur van sooie aan vierkante opgetrek, wat ons 'n kraal sou noem, om die leeus en tiers uit te hou. Binnekant het hulle houthuisies en tente opgeslaan om daarin te woon.

Reën bly lang uit, en veroorsaak siektes.

Ongelukkig het die reën daardie slag langer uitgebly as gewoonlik, sodat hulle niks kon saai nie, en daardeur het baie van hulle weer die skeurbuik gekry. Eers by die end van Mei het dit begin reent, maar toe blyk dit dat die houthuisies sterk gelek het, en kry die siekes nog maagwerk daarby. Gelukkig het die gras en wilde plante vinnig gaan groei sodat Van Riebeek kon plante laat soek, wat goed vir medisyne is, en so het party siekes weer beter geword, hoewel daar al heelwat gesterwe het voor die siekte heeltemal oorwen was.

Ander woonhuise gemaak en ook 'n hospitaal vir siek matrose.

Die groente het toe ook vinnig gaan groei, sodat die origes weer heeltemal sterk geword het om met ander werk aan te gaan. Hulle het toe woonhuisies gemaak van kleimure en grasdakke, waardeur die reën hulle ook nie meer kon kwaad doen nie. Die hospitaal vir siek matrose werd ook van kleimure met grasdak gemaak, groot genoeg om drie honderd pasjente te behandel.

**Van Riebeek laat verkenningstogte maak**

Toe alles in orde was, het van Riebeek begin dink watter planne hy kon beraam om die saak 'n sukses te maak. Hy het orals in die nabyheid klein klompies van sy mense uitgestuur om te sien of die grond vir boerdery geskik was. Verder het hy perde uit Java laat kom vir werk en aanteel, varke uit Holland, en omdat daar net Persiese skape was—julle

weet die vetstert—het hy opregte wolskape ook ingevoer. Al die soorte plante en bome, wat in Indië en Holland groei, het hy daar ook probeer, en die meeste het goed beantwoord. Proefneminge met ingevoerde bome en plante.

Die klompie mense, wat hy uit Holland gebring het, was op kontrak vir 5 jaar, en na die tyd om was, het hy vir party van hulle grond gegee om self te gaan boer. Daar was 'n mooi stuk grond, waar nou Rondebosch is, waar die koring pragtig gegroei het. Die mense, wat daar grond gekry het, werd „Vrye Burgers" genoem omdat die ander, wat vir die Kompanie gebly werk het, maar net diensknegte was, want hulle werd betaal. Maar of die „Vrye Burgers" nou sodanig vry gewees het, is weer 'n ander kwessie, want die kondiesies, waarop hulle moes boer, sou ons vandag slawerny noem. Die eerste Vrye Burgers gaan self boer.

Hoor 'n bietjie:—

No. 1. Hulle moes alle gesaaides en vee, wat hulle nie self nodig gehad het nie, aan die Kompanie verkoop vir wat die daarvoor wou gee. Vry maar tog nie vry nie.

No. 2. Hulle mog nie handeldryf met die Hotnots nie.

No. 3. Hulle mog niks aan die skepe verkoop nie solang die Kompanie nog self goed gehad het om te verkoop.

Maar tog het party van hulle 'n sukses van die boerdery gemaak, terwyl party terug gegaan het na die Kompanie se werk. Maar dan stuur van Riebeek weer ander mense, en so het die „Vrye Burgers" altyd meer en meer geword.

Jan van Riebeek vertrek na Java.

So het Jan van Riebeek tien jaar lang daar gewerk en dinge verbeter, en ons kan hom gerus die fondament-leër van die Afrikaanse nasie noem. Na die tien jaar om was het die Kompanie hom na Java gestuur, waar hy weer 'n hoër betrekking gekry het.

---

## 'N PAAR NAME VAN KOMMANDEURS.

NADAT Jan van Riebeek van Afrika vertrek het, is daar 'n hele paar ander kommandeurs —of soos ons nou sê kommandante—deur die O.I. Kompanie gestuur, maar hulle het maar min vir die land gedoen, en meer vir die Kompanie gewerk.

Hier volg hulle name:

1662-'66. **Sacharias Wagenaar.**

In sy tyd was daar oorlog tussen Holland en Engeland, en daarom het die Kompanie 'n begin gemaak om 'n sterk fort te laat bou, maar toe die vrede gesluit is, het hulle dit weer laat staan.

1666-'68 **Cornelius van Quaelberg.**

Hy het maar net twee jaar die eer gehad om sake te bestuur, en is toe afgesit omdat hy Franse skepe, wat ook met Indië wou handel dryf, gehelp het aan kos, en omdat hy materiaal gegee het om hulle lekplekke te repareer, en daar was die Kompanie ontevrede oor.

1669-'70. **Jacob Borghorst.**

Niks biesonders van hom nie.

**Pieter Hackius.** 1670-71.

In sy tyd het die Kompanie kastig grond gekoop van die Hotnots vir 'n bietjie twak, brandewyn en 'n paar krale.

**Isbrand Goske.** 1672-'76.

In sy tyd het Holland oorlog met Frankryk, Engeland en 'n paar Duitse staatjies gehad. Die Kompanie word nou regtig bang, en stuur Mnr. Goske om 'n sterk fort te bou, want hulle reken, dat die vyande die Kaap nou sal kom vat. Hulle het die ding „Kasteel" genoem, en die gebou verdien ook wel die naam, want hy is so sterk gebou, dat hy vandag nog staan. As julle een dag in Kaapstad kom, kan julle gerus gaan kyk.

Meneer Goske het toe die tietel gekry van Goewerneur,, omdat hy so'n vername werk moes doen, maar voor die werk heeltemal klaar was, kom daar vrede, en hy moes ook weer trap. In sy tyd het die „Vrye Bugers" nog probeer om hulle kondiesies verbeter te kry, maar daar wou die Kamer van Sewentien niks van hoor nie. Hulle wou net profyt maak.

**Johan Bax.** 1676-'78.

Niks biesonders.

Vrye Burgers gaan agteruit in hulle sedes en gewoontes

NOU kom ons weer by 'n man, waaroor ons iet kan gesels. Hy het nie alleen vir die Kompanie gewerk nie, maar vir ons land ook, en onder sy bestuur is daar soveel verbeteringe aangebring, dat ons sy naam wel mag eer. Dit was ni lang nie of hy het gesien dat die „Vrye Burgers" we tamelik vorentoe gaan in hulle boerdery, maar da hulle in sedes en gewoontes agteruit gegaan het want die Kompanie had wel gesorg, dat daar in Kaapstad 'n godsdiensleeraar was, maar vir die bui-

Kerk gebou vir die buite mense.

te mense was die kans vir kerkgaan baie gering, en om hulle kinders geleer te kry was daar glad nie kan nie. So, die eerste verbeteringe, wat moes aangebring word, was 'n kerk vir die buitemense, en 'n skool vir die kinders.

Stellenbosch gestig.

Eers het hy 'n mooi plekkie uitgesoek, waar di grond goed was, en waar voldoende water was; wan hy wou nie alleen 'n nuwe dorp bou nie, maar ook di geleentheid vir boerdery groter maak. Die plek het h gou gekry. Daar is 'n kerk gebou, 'n skool en nader hand ook 'n magistraatskantoor. Nou weet julle se ker al, dat op 'n plek waar sulke huise gebou word dat daar ook ander huise gou agteraan kom, en di het nie lang geduur nie of daar was al 'n klein dorpie, wat hy die naam van Stellenbosch gegee het.

Viering van verjaarsdag.

Om nou die mense meer bymekaar te bring he hy die gewoonte ingestel om sy verjaarsdag daar op die dorpie te vier. Dan kom al die Boere bymekaar

en hou hulle vir 'n paar dae fees. By die geleentheid kon die Boere hulle produkte ook aan mekaar verkoop, want die een het miskien te veel vrugte of te min koring en dan ruil of koop hulle volgens hulle behoeftes. Verkoop of ruil van produkte.

Die Goewerneur het ook goed geweet, dat 'n Boer moet leer skiet, nie om oorlog te maak nie, maar om die ongedierte van hulle vee weg te hou. Daarom het hy elke jaar op sy verjaarsdag laat skyfskiet, maar nie op 'n kol nie, soos ons nou maak; nee, op 'n houtvoël. Die voël was so gemaak, dat hy aan stukkies was. Hy werd bo-op 'n paal gesit, en elkeen moes skiet. Die wat sy vlerk of sy stert raak, kry 'n klein prysie, en die wat hom heeltemal uitmekaar skiet kry 'n groot prys, en hy het dan die eer gehad om die beste skut te wees vir die jaar. Skyfskiet op 'n hout voël.

Verder het Simon van der Stel ook al gou gesien dat daar teveel ongetroudes onder die buitemense was. Daar was al heel party nooientjies in Kaapstad, maar die het mees in die dorp getrou. Daarom het hy aan die Kompanie geskryf, dat dit goed sal wees as daar meer ongetroude vroumense kon uitgestuur word. Die Kompanie het toe by die groot weeshuise in Rotterdam en Amsterdam gaan verneem, en hulle het daar 'n tamelike klompie meisies gekry, wat gewillig was om naar Afrika te gaan. Hulle werd in Kaapstad goed opgepas, en dit het nie te lang geduur nie of die jong Boere het vir hulle kom vrou soek. Hulle het daar ook nooit jammer oor gevoel om te trou nie, want hulle boerdery het toe Weesmeisies vir de Boerseuns. Jong Boere soek vrou.

ook somaar vorentoe gegaan. Julle weet 'n boer s( der vrou is somaar 'n halwe ding.

Boomplant. 'n Ander ding, wat maar half is, is 'n plaas s( der bome, en dit het Simon van der Stel ook g( raak gesien. Daarom het hy baie jong boompies sy eie plaas laat kweek en vir elkeen, wat wil hê, p sent gegee, sodat daardie wereld rondom Kaapst een van die mooiste plekke van Suidafrika is. R( debosch, Stellenbosch, die Paarl staan vol akkerb waarvan party miskien nog in daardie dae geplant

Koring saai. Nou is daar nog iets, wat die goeie Simon ( groteliks verbeter het, en dit is die koring saaie Dit was vir hom tog te snaaks, dat Boere wat o vloed van grond en water had, nog gedeeltelik v rys moes lewe, 'n ding wat die Kompanie met hu skepe van Indië af moes bring. Die Kompanie w dit natuurlik maar graag doen, want dan maak h le tog weer profyt, maar ons goeie, liewe Simon v der Stel sê: „Nee, dis bog, ek sal vir julle die so koring laat kom, wat hier sal moet beantwoord." so het hy ook gedoen. Hy het verskillende soo saadkoring laat kom, en aan die Boere uitgegee ( te probeer en self ook probeer, totdat hy die so( gekry het wat goeie oeste opgebring het.

Koper ontdek. Nou moet ons nie dink, dat Meneer van der S net altyd op sy kantoor gesit het nie, en net vir ( Boere se belang gewerk het, o, nee, glad nie. Hy h vir die Kompanie se belange ook gesorg. So het da een dag 'n paar Hotnots by hom gekom, wat hom paar klippe wys waar koper in sit. Hy vra hulle

en verneem, dat daar nog baie van die soort klippe te kry is. Hy vra hulle ook of hulle hom op die plek kon bring. O, ja, dit kon hulle doen. Gou-gou het hy waentjies en trekdiere en kos agtermekaar en is op die pad. Ons kan nou die hele geskiedenis, wat daar op die pad gebeur het, hier nie vertel nie, want dit sal te lang neem. Julle kan dit in andere boekies lees. Genoeg om te weet, dat hy 'n groot koperrief gekry het naby die Oranjerivier. Jammer dat dit toe nie kon bewerk word nie, omdat die transport te duur was, maar vandag, nou daar spoortreine is, word die rief nog altoos bewerk.

Nou is daar nog 'n vername ding om te vertel, wat in Simon van der Stel se regeringstyd gebeur het, hoewel die gebeurtenis niks met sy goedheid te maak het nie. Dis die aankoms van 'n groot klomp Franse familielies, wat bekend staan onder die naam van Hugenote. Maar aangesien hierdie hoofstuk al reeds so lang is, sal ons liewers 'n afsonderlike les daarvan maak.

Nog iets te vertel oor die Hugenote.

---

## DIE HUGENOTE.

1688-'90.

OM hierdie hoofstuk goed te verstaan, sal dit nodig wees om weer bietjie uit die grootpad uit te draai. Ons moet eers 'n reisie na Europa maak. Ons sal afklim by Frankryk, waar die Hugenote vandaan gekom het.

Eers 'n reisie na Europa.

Stryd tussen Katolieke en Protestante.

Ons weet nog dat daar oor Holland 'n kon regeer het, wat die Protestantse mense weer v Katoliek maak, en wat die 80 jarige oorlog verc saak het. Wel, in Frankryk het ook baie koninge geer, wat nie kon verdra nie, dat so baie van sy derdane uit die Katolieke kerk oorgeloop het na kerke, n.m. die Protestantse kerke.

So was daar op die end van die sestiende ee seker prins, wat Protestant was. Hy het naderh in die Katolieke kerk oorgegaan om koning Frankryk te kan word; maar hy het sy vroeëre I testantse vrinde nie vergeet nie. Toe hy kor werd, het hy 'n wet gemaak, waardeur aan iede vryheid van godsdiens toegestaan werd. Die kor se naam was Hendrik IV; die wet het hy gemaa 1598, en is nog altyd bekend as die Edik van Nar

Edik van Nantes.

Die Edik van Nantes deur Lodewyk XIV teruggetrek in 1685.

Daardie wet—die Edik van Nantes—het vir per 100 jaar goedgehou, maar naderhand kom weer 'n koning—Lodewyk XIV—wat weer so d bang was, dat die Protestante se siele sou verk gaan, en daarom het hy die wet teruggeroep, e maak 'n ander wet, wat sê, dat al sy onderdane v moet Katoliek word.

Hugenote word gemartel Hulle vlug.

Die groot meerderheid van hulle wil nie; l word liewers dood gemartel as om hulle godsc prys te gee. Die koning vervolg hulle toe so dat party probeer het om uit hulle land te vlug. was nie maklik nie, want die grense van Fran werd so goed bewaak, dat dit amper onmoo was om deur te kom. Alleen dié, wat al hulle b

...ngs agter laat bly het,het 'n kans gehad om deur te kom, en dan moes hulle nog allerlei slim streke gebruik, anders word hulle tog gestop. So het party van hulle in 'n groot kas geklim, wat na Holland moes, of hulle kruip onder 'n hoop voer, wat met 'n wa na 'n dorp oor die grens gaan. Sodoende is daar tog honderde gevlug, wat hoofsakelik na Holland of Duitsland of Engeland gegaan het.

Hulle moet slim planne gebruik om te vlug.

Toe Simon van der Stel hoor, dat daar soveel Franse vlugtelinge in Holland is, skryf hy aan die Kompanie of dit nie 'n goeie kans sal wees om meer Boere vir die Kaap te kry nie. Die direkteure het die plan goedgekeur, en aan die Hugenote 'n voorstel gedoen. Hulle sal kosteloos na Afrika vervoer word, ondersteuning kry met kos en gereedskap, wat hulle later met produkte kon terug betaal.

Simon v. d. Stel vra meer Boere.

Kompanie doen 'n voorstel aan Hugenote.

'n Hele klomp van die Hugenote het van die voorstel gebruik gemaak, en is toe hierheen gekom, en omdat party van hulle wynboere was, het die meeste van hulle daardie soort boerdery begin, en om die rede is daar vandag nog soveel wynboere rondom die Kaap. Dit is ook die oorsaak, dat daar soveel Franse name in ons land is.

Hugenote trek na Suid-Afrika.

Die Afrikaanse Volk kan ook maar dankbaar wees, dat daar soveel van hulle hiernatoe gekom het, want julle begryp seker dat mense, wat so baie vir hulle geloof en oortuiging oor gehad het, nie van die slegte soort is nie, maar van die beste kwaliteit, wat mens maar op aarde kan vind.

Afrikaanse Volk kan dankbaar wees.

'n Paar Hugenoot-name.

Nou kan ons gerus 'n paar van die Hugenoot-name opskryf, dan kan julle self ook weet of daar Hugenote bloed julle is.

Die vernaamste van hulle is: Cilliers, Fouche, Jourdan (nou Jordaan), la Grange, Malherbe, Marais, du Plessis, Roux (ook wel le Roux), de Villiers, Fourie, Malan, du Pré (nou du Preez), Retief, Rousseau (nou Rossouw), du Toit, Terreblanche (nou Terblans), en nog baie meer, teveel om op te noem. Miskien sal Meester nog meer kan opskryf.

---

## WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL EN ADAM TAS.

Simon v.d. Stel tree af en gaat op sy eie plaas woon.

NADAT Simon van der Stel vir 20 jaar lank so goed vir die Kaap gesorg het, het hy op sy eie plaas gaan woon, waar hy nog dertien jaar geleef het.

Willem Adriaan v. d. Stel volg sy vader op.

Sy seun Willem Adriaan het hom opgevolg as Goewerneur, maar hy was ongelukkig glad nie die man vir die Boere, wat sy vader gewees het nie. Hy wou net fortuin maak, en die middels, wat hy daartoe gebruik het, was nie altyd so eerlik nie. Party skrywers sê, dat hy soms goed van die Kompanie gebruik het om sy eie plaas te verbeter. Dit word deur andere ontken. Verder wou hy ook nie dat Boere hulle goed op die mark bring nie voor sy eie produkte en die van sy vriendjies alles verkoop was. Party van sy vriende, waaronder nog al 'n predikant, het

Wil net ryk word gebruik soms goed van die Kompanie.

y reg gegee vry handel te drywe, terwyl die ander Boere tevrede moes wees om hulle goed aan die Kompanie te verkoop. Dit het naderhand so'n ontevredenheid verwek, dat party Boere planne gemaak het om verandering te kry in al die onregvaardighede.

Vrinde kry reg met skepe en Hotnots te handel.

Boere ontevrede.

Die man, wat die voortou daarin gevat het, was Adam Tas. Hy het in die geheim vergaderings gehou waar die vernaamste van die ontevrede Boere besluit het 'n petiesie op te trek, waarin al die verkeerde dinge van Willem van der Stel opgenoem werd, en die petiesie het hulle na Batavia gestuur, waar ook direkteure van die Kompanie gewoon het, maar hulle het min lus gehad om daarin te werk. Nou, soos dit gewoonlik gaan, was daar weer agterklappers, wat Willem van der Stel in die ore gefluister het, wat aangaan.

Adam Tas trek petiesie op.

Petiesie na Batavia gestuur sonder gevolg.

Agterklappers vertel die goewerneur.

So gou hy dit hoor, stuur hy 'n gewapende mag en laat Adam Tas vang en sy huis visenteer. Hulle kry in sy lessenaar 'n kopie van die petiesie met verskillende briewe, waaruit die Goewerneur kon opmaak wie dit geteken het, en daardie persone het hy ook laat vang. Adam Tas en party van sy vrinde laat hy in die tronk sit, en party het hy na Batavia en na Holland verban. Maar dit was juis sy ongeluk, want hulle het op 'n slim manier 'n kopie van die petiesie op die skip gesmokkel en so kon die bannelinge daardie kopie aan die Kamer van Sewentien voorlê. Om homself te verdedig het Willem van der Stel 'n ander petiesie opgetrek, waarin weer vertel werd hoe 'n goeie Goewerneur hy tog was, en hy het ook deur

Adam Tas gevang en in die tronk gesit.

Kopie van petiesie op 'n skip na Holland gesmokkel.

Willem v.d. Stel laat ander petiesie op trek.

Boere, wat na Holland is, vertel klagtes aan vyande van Kompanie.

dwang en dreiëmente byna 250 handtekeninge gekry. Dit het hom egter niks gehelp nie, want die Boere, wat die eerste petiesie by die direkteure van die Kompanie gebring het, was so slim gewees om by die vyande van die Kompanie ook hulle saak te vertel, sodat die direkteure verplig was 'n kommissie te stuur wat die saak moes ondersoek.

Kommissie doen ondersoek.

Hulle het gou uitgevind, dat al die klagtes waar was, en vir sy straf is Willem van der Stel uit sy pos gesit en al sy goed is verkoop. Adam Tas is natuurlik dadelik uit die tronk verlos, en hy is terug plaas toe. Vir die grap het hy toe sy plaas Libertas genoem, dit beteken Vrye Tas.

v.d. Stel afgesit.

Adam Tas vrygelaat. Iets goeds van Willem v.d. Stel

Nou het ons Willem van der Stel se slegte dinge gehoor, nou moet ons darem die bietjie goed wat hy gedoen het ook opnoem. Hy het die land verder laat ondersoek en 'n nuwe distrik oopgesit, wat anderkant 'n ry berge lê, en wat baie vrugbaar is maar omdat daar nie geskikte paaie oor die berg was nie, kon dit toe alleen vir vee gebruik word. So het daar party jong Boere ingetrek, wat hulle net op veeboerdery toegelê het, en Willem Adriaan het vir hulle opregte wolskape ingevoer.

---

Nou moet ons eers nog 'n paar name noem van Goewerneurs, wat agter Willem van der Stel gekom het, voor ons kan gesels oor 'n goewerneur, wat weer 'n ereplaas in ons geskiedenis inneem.

Daar is eers 1670-'71.

**Louis van Assenberg.**

Solang as hy regeer het, was daar 'n vreeslike siekte onder witmense en kleurlinge. In 1713 het daar aan die Kaap pokkies uitgebreek, wat deur skepe van Indië gebring is. Daar het ongeveer een vierde van die witmense gesterf, en ontelbare Hotnots. Party stamme het heeltemal uitgesterf. Pokkies 1713.

Na hom kom weer

**Mauritz Paspues de Chavonnes.**

Hierdie goewerneur het sy bes gedoen die onderwys te verbeter, maar omdat die Boere op party plekke so ver uitmekaar gewoon het, kon hy nie veel verbetering tot stand bring nie. 1714-'24. Pogings om onderwys te verbeter.

Hy het ook probeer om 'n verfstof—wat Indigo genoem word, hier te produseer. Verder het hy olywe laat plant, wat ook nie wou beantwoord nie, en die sywurms, wat hy ingevoer het, het algar aan 'n siekte doodgegaan, waarvoor geen geneesmiddel te vinde was nie. Indigo, olywe en sywurm probeer.

**Pieter Gysbert van Noodt.** 1727-'29.

Van hierdie man word 'n baie snaakse storie vertel, wat ons in 'n afsonderlike les sal behandel.

**Jan de la Fontaine.** 1730-'37.

Van homself niks biesonders, maar in die laaste jaar van sy regering het die O.I. Kompanie groot

skade gely deur 'n vreeslike storm, wat nege groot skepe in Tafelbaai verniel het. Twee honderd en tagtig man het hulle lewe daarby verloor.

**1739-51. Eerste sendeling aangekom. Twee nuwe kerke gebou.**

Hendrik Swellengrebel.

In sy tyd is die eerste sendeling in Kaapland aangekom. Hy het hard gewerk onder die Hotnots met seer geringe gevolge. Ook werd daar twee nuwe kerke gebou: een op die plek, wat nou Tulbach genoem word, en een op die plek wat nou Malmesbury is.

**Rondgaande skoolmeester aangestel.**

'n Rondreisende skoolmeestr werd aangestel, wat van plaas tot plaas gegaan het om die kinders 'n bietjie te leer lees in die Bybel.

**Swellendam aangelê.**

'n Nuwe distrik werd oopgestel, en 'n dorp aangelê, wat altwee die naam gekry het van Swellendam, ter ere van die Goewerneur.

---

## 'N TREURIGE GESKIEDENIS.

### Pieter Gysbert van Noodt.

**1729.**

DIE verhaal, wat hier volg, word deur party geskiedskrywers nie vertel nie, omdat die bewysstukke vir die waarheid daarvan nie voldoende gereken word nie. Dit sal tog goed wees om dit te weet, want ons kan daaruit leer, dat die „goeie ou tyd" waar ons pa's en oupa's so danig mee spog, nie altyd so goed was, as hulle dit wil uitmaak nie. Ons kan daar ook uit leer, dat die een sonde tot an-

**Bewysstukke vir geskiedenis van Van Noodt nie voldoende nie**

der en groter sondes lei, want as Van Noodt nie so geldgierig gewees het nie, dan sou die ding wat hier volg miskien nie gebeur het nie.

Die een sonde lei tot 'n ander.

Goewerneur van Noodt was—soos die storie sê —'n wrede man, en bowendien nog geldgierig. In plaas dat hy sy soldate, wat onder hom staan, behoorlike kos en klere gee, knyp hy orals af en gebruik die geld self; tot selfs die salaris, wat hulle verdien, weet hy op die een of ander slim manier in te krimp. Dit het party van hulle so ontevrede gemaak, dat dertien van hulle besluit het om weg te loop—deserteer sê die soldate daarvoor. Hulle was nog nie ver van die Kaap weg nie, of hulle word weer gevang, en voor die Krygsraad gebring.

Goewerneur van Noodt geldgierig. Gee sy soldate nie genoeg kos nie, vat ook van hulle loon.

Party soldate wil wegloop.

Nou moet julle weet, kinders, dat 'n soldaat *nooit* mag wegloop nie. Hoe sleg sake ook al lyk, hy *moet* op sy pos bly, dus die Krygsraad kon nie anders doen as hulle skuldig bevind nie. Nege van hulle werd veroordeel tot die kats, brandmerk, en enige jare harde pad. Die ander vier moes gehang word.

Weglopers veroordeel.

Vier moet gehang word.

Toe die laaste by die galg staan, vra hy verlof om 'n paar woordjies te spreek. Na hom dit toegestaan is, roep hy met 'n luide stem: „Goewerneur Van Noodt, ek daag jou om vandag saam met my voor die regterstoel van God te verskyn!"

Toe die regsdienaars vir Van Noodt gaan vertel, dat die vonnis uitgevoer is, vind hulle hom dood in sy stoel sit. Dieselfde stoel word nog altyd in Kaapstad bewaar.

Van Noodt word dood in sy stoel gevind.

1751-'71. **RYK TULBAGH.**

**Bygenaam Vader Tulbagh.**

Gelukkig weer 'n goeie man.

NA al die treurigheid, wat ons in die vorige les gelees het, kan ons nou gelukkig weer oor 'n man praat, wat ons met ons hele hart kan eer. Hy het hom so bemind gemaak by al die Boere, jonk en oud, dat g'n mens hom Goewerneur genoem het, maar altoos „Vader Tulbagh."

Sy lewensgeskiedenis kan ons in ander boeke uitvoerig lees, en julle moet veral nie versuim om die boek te kry nie, want in hierdie les kan ons net kort-kort die vernaamste opnoem.

Vader Tulbagh begin as jongste klerkie.

Doen sy werk altyd goed.

In vrye tyd bestudeer hy boeke.

Werk hom op tot eerste klerk en word later goewerneur.

Hy was 'n seun van arme ouers, en het uit Holland gekom om as jongste klerkie in die Kompanie se kantore diens te doen. Hy het al sy werk so goed gedoen, dat hy nie lang in die laagste posiesie gebly het nie. Die Goewerneur Swellengrebel, waar jong Tulbagh onder gedien het, kon al gou raak sien, dat hy nie somaar 'n domkop was nie, en dat daar eendag nog 'n groot man van hom kon groei; daarom het hy hom baie maal van sy boeke gegee om hom 'n kans te gee verder te leer. Hiervan het jong Tulbagh 'n gretige gebruik gemaak, en omdat hy altyd sy werk so goed gedoen het, was hy algou een van die hoofklerke inplaas van jongste klerkie, wat almal kon order soos hulle wou. En na goewerneur Swellengrebel se dood het Ryk Tulbagh goewerneur van die Kaap geword.

So, kinders, in hierdie voorbeeld kan julle al

weer sien dat 'n kind, wat altyd sy leste goed leer en altyd sy werk so goed doen as hy kan, naderhand 'n man kan word, wat die hoogste posiesies in die land kan beklee, ook al is sy ouers nie ryk nie. Doen julle dus ook die beste, wat julle kan doen, dan sal party van julle miskien later ook nog van ons voormanne word, maar dan moet julle nie hoogmoedig word nie, soos party van ons voormanne maak. Julle moet maak soos Vader Tulbagh. As daar manne was, wat moeilikhede gehad het, dan het hulle gerus na hom toe gegaan, en hy het hulle altoos ewe vrindelik ontvang, en as hy kon help, dan het hy gehelp.

Al is 'n seun se ouers arm hy kan hom tog opwerk.

Ons mag nie hoogmoedig word nie al beklee ons hoë poste.

Sy klerke was in die eerste tyd miskien nie so lief vir hom, want hy wou nooit toelaat nie, dat hulle ook handel dryf of geld maak, wat hulle nie toekom nie, soos dit dikwels onder ander goewerneurs gebeur het. Hy was baie straf op hulle, en dit was miskien ook een van die redes, waarom die Boere so lief vir Vader Tulbagh was, want in sy tyd werd almal op dieselfde manier behandel. Dis jammer, dat daar ook teenspoed gewees het in die tyd, dat Ryk Tulbagh goewerneur was. Die pokkies het vir die twede maal uitgebreek, waaraan weer duisende wit mense en kleurlinge gesterf het; want in daardie dae het die dokters nog nie geweet hoe die siekte kan teengehou word nie.

Tulbagh straf op sy klerke.

Teenspoed. Pokkies, duisende gesterf.

Solang as Ryk Tulbagh goewerneur was, het hy ook baie gedoen om die land verder te leer ken. So het hy ekspediesies uitgestuur na Algoa Baai, waar nou Port Elizabeth is, en ook na Namakwaland, om-

Verkennings togte gemaak

trent so ver as die Angra Pequena Baai, julle weet, waar Bartolomeus Dias ook geland het.

Voor ons nou oor Vader Tulbagh sluit moet ons eers nog oor iets praat, wat in die geskiedenis bekend staan as:

**Die Prag- en Praal-wette.**

Betekenis van woorde.

Die woordjie prag verstaan ons almal, maar die praal is weer 'n bietjie moeiliker. Dit beteken amper dieselfde as wat ons in Afrika pronk noem. Julle weet as die nooientjies hulle so baie mooi aantrek en so baie lintjies en ander mooi goedjies aan hulle hang, dan sê ons sy is opgetakel. Nou, dis wat praal beteken. Wel, omdat die Boere in Vader Tulbagh se dae so biesonder voorspoedig gewees het, toe het die vrouens begin mooi aantrek, en die mans het begin mooi perde en karre koop, en om nou te verhinder, dat die Boere nie al hulle goed moes vermors nie, het Vader Tulbagh die Prag- en Praal-wette ingevoer. Hy het die wette nie self gemaak nie, want in ander dele van die Hollandse Kolonies was dieselfde wette al vroeër toegepas, omdat die mense daar ook so met hulle rykdom gepronk het. So het die wette b.v. gesê, dat alleen die rykste koopmans en die voorste amptenare se vrouens mag sambreels gebruik en syklere dra, en meer sulke dinge, waar ons nou om kan lag, maar wat in daardie dae miskien baie goed gewees het. In ieder geval behoef ons daarom niks minder van Vader Tulbagh te dink nie.

Wette gemaak dat Boere nie hulle geld moes mors nie.

Alleen ryk vrouens mag sy-klere dra.

Nadat hy 20 jaar regeer het, werd hy siek en na 'n lang siekbed is hy oorlede Tot selfs Boere van die uiterste distrikte het gekom om Vader Tulbagh die laaste eer te bewys. Sy lyk is begrawe in 'n gemesselde graf in die Nederduits Hervormde Kerk te Kaapstad, waar ons vandag nog die plek kan sien.

Vader Tulbagh in kerk begrawe.

En nou kom ons aan 'n stuk van die geskiedenis, wat ons gerus kan noem:

*Die Begin van die End van die N.O.I. Kompanie.*

---

## JOACHIM VAN PLETTENBERG. 1771-'85.

DIE opvolger van Vader Tulbagh was Joachim van Plettenberg.

Goewerneur Van Plettenberg laat sy klerke maak soos hulle wil.

Hy was weer 'n heel ander man. So straf as Tulbagh op sy klerke was, om hulle nie toe te laat, dat hul self handel dryf nie, so onverskillig was van Plettenberg op daardie punt. Sy klerke kon handeldryf soos hulle wou, wat vir die Boere baie nadelig was, sodat hulle weer heeltemal ontevrede geword het. Solang as Tulbagh goewerneur was kon hulle koring en wyn aan Engelse en Franse skepe verkoop en in van Plettenberg se tyd moes hulle weer aan die Kompanie verkoop vir baie minder geld as wat hulle kon kry as hulle self aan die skepe verkoop.

Klerke dryf handel.

Boere ontevrede.

Boere mag nie meer aan skepe verkoop nie.

Die gevolg was, dat daar weer 'n petiesie opgemaak werd, wat deur vier afgevaardigdes na Holland gebring werd, maar sonder gevolg. Die Kom-

Daar word niks verander maar Kompanie wil weer petiesie opgetrek,

panie, wat toe al hard aan agteruit gaan was, wou nie aan die billike eise van die Boere tegemoet kom nie, sodat die ontevredenheid al groter en groter werd.

1779. Ekspediesie na Oranjerivier onder Gordon.

In 1779 het van Plettenberg 'n ekspediesie uitgestuur onder Kaptein Gordon. Hulle het so ver gegaan as wat die Boere Grootrivier genoem het, maar Gordon het die rivier die naam gegee van Oranjerivier ter ere van die Prins van Oranje, die regerende vors van Holland.

1780. Ooreenkoms met die Kosa's.

Die volgende jaar 1780 het van Plettenberg persoonlik 'n reis gaan maak na die Visrivier—kyk op die kaart. Anderkant die rivier het 'n kafferstam gewoon met die naam Ama-Xosa's; ons sê nou maar Kosa's. Daardie kaffers het lastig geword vir die Boere, wat daarlangs gewoon het, en die goewerneur het toe self soontoe gegaan om met die kaffers 'n ooreenkoms te maak. Hy beloof hulle, dat die Boere nie anderkant die Visrivier sal trek nie, maar dan moes die Kosa's belowe, dat hulle ook op hulle plek sal bly. Goed, die ooreenkoms word gemaak, maar dit het nie lang geduur nie of die kaffers begin weer oor die rivier te trek, en hulle roof en moor weer net soos tevore.

Boere sal een kant bly, kaffers ander kant.

Kosa's verbreek ooreenkoms.

Van Plettenberg stuur toe Adriaan van Jaarsveld met 'n kommándo Boere, om die Kosa's weer op hul plek te sit Dit geluk hom volkome; hy jaag nie alleen die kaffers terug nie; maar hy vat al die gesteelde vee terug en nog 'n groot klomp van die kaffers se vee ook, wat toe onder die Boere verdeel is

Adriaan van Jaarsveld gestuur om kaffers te straf.

Kaffers terug gejaag.

Vee gevat.

## DIE FRANSE AAN DIE KAAP.

*Weer eers na Europa.*

OM hierdie stukkie goed te verstaan, moet ons eers weer 'n groot draai maak. In Europa en Amerika was die hele boel in rep en roer. Engeland had oorlog met Frankryk om te sien wie die meeste kolonies kon vat. 'n Groot stuk van Noord-Amerika, wat nou die Verenigde State genoem word, het hom vrygeveg van Engeland, en omdat Holland vir Amerika gehelp het, verklaar Engeland ook die oorlog aan Holland.

*Noord-Amerika vry geveg.*

*Oorlog met Engeland.*

Dus was daar Frankryk en Holland aan die een kant en Engeland aan die ander kant. Engeland het ankal lus gehad vir die Kaap, want dit is amper halfpad tussen Indië en Engeland, en daarom besluit hulle toe om die kans waar te neem. 'n Sterk vloot word klaar gemaak en uitgestuur, maar Holland kom dit agter, en vra vir Frankryk om hulp. Frankryk het net 'n groot vloot klaar gehad om na Indië te gaan, so stuur hulle dit agter die Engelse vloot aan. Daar êrens by Groenkaap het die Franse vloot die Engelse agterhaal, en dit het daar 'n geveg afgegee, waar 'n klomp van die Engelse skepe taamlik stukkend geskiet is, sodat hulle eers weer die skepe moes reg maak. Die Franse seil wat hulle kon na die Kaap toe, en sit daar 'n groot mag soldate aan land.

*Engeland het lus vir die Kaap en stuur 'n sterk vloot.*

*Frankryk help. Holland stuur vloot agterna.*

*Geveg by Groen Kaap.*

*Engelse skepe stukkend geskiet.*

*Franse na die Kaap.*

Toe die Engelse daar aankom, sien hulle gougou, dat dit verniet sal wees om die Kaap nou aan te val, maar die Engelse Admiraal Johnstone hoor, dat daar 'n groot aantal Hollandse skepe van die O.I.

*Engelse kom te laat.*

Engelse hoor van Hollandse skepe in Saldahna-baai en vat hulle.

Kompanie swaar gelaai in Salhanha-baai lê en w vir Hollandse oorlogskepe om hulle huistoe te brin Johnstone neem sy kans waar, en vat al die ske sonder 'n skoot te skiet. Die verlies was so groot v die O.I. Kompanie dat hulle toe nie eers meer inter kon betaal aan hulle aandeelhouers nie.

Groot verlies vir Kompanie.

Dit is omtrent die vernaamste wat in van Pl tenberg se tyd voorgeval het, maar voor ons heelt mal met hom sluit moet ons eers iets lees van 'n g beurtenis wat niks met ons geskiedenis te doen h nie, maar wat ons tog behoort te weet.

Dis n.m.

---

## DIE HELDEDAAD VAN WOLRAAD WOLTEMAD

1773.

Jonge Thomas gestrand in Tafelbaai. Goedere moet eers gered word.

IN 1773 was daar weer een van die hevige storm wat partymaal in die Tafelbaai kan woed. Skip—die jonge Thomas—word op die rotse aan die strand geslinger. Goewerneur van Plett berg gee order, dat die goedere eers gered m word. Hoe die passasiers ook al soebat om hulle t te red, dit help niks.

Wolraad Woltemade kom te perd verby.

Toe die skip al amper stukkend geslaan w kom daar 'n jong Boer te perd verby. Hy hoor h die mense op die skip roep om hulp, en sonder aar stoot hy sy perd die golwe in, en swem na die sk toe. Hy order twee van die skipbreukelinge in water te spring en aan sy perd vas te hou. Hy bri

ulle veilig aan land. Tot sewemaal gaan hy weer ı, en bring elke keer twee terug, maar toe hy die gste maal by die skip kom, is dit so stukkend ge-.aan, dat daar te veel mense gelyk in die water pring, sodat die perd, wat al reeds doodmoeg was, it nie kon hou nie, en met ruiter en al in die golwe erdwyn het. So'n heldedaad, my kinders, mag ons ooit vergeet nie.

Swem sewe maal na die skip, red elke maal twee mense. Agste maal sink perd en ruiter in die golwe.

---

## CORNELIUS JACOB VAN DE GRAAFF.

DEUR die oorlog, wat Holland met Engeland had, het die Kompanie bang geword, dat Engeland die Kaap miskien sal vat en besluit om terk forte te bou. Die Kompanie was wel half ankrot, maar dit het die meeste mense toe nog nie eweet nie, dus kon hulle nog genoeg geld leen.

Kompanie bou forte aan die Kaap.

Hulle stuur toe 'n sekere meneer van de Graaff, ı Hollandse offisier, as Goewerneur en hy moes te-elyk toesien, dat die forte gebou word.

Hy het nie die minste moeite gedoen om aan ie wense van die Boere tegemoet te kom nie. Sy 'erke kon maak soos hulle wou. Hy self het so ver-wistend geleef, en die forte se bou het so baie geld ekos, dat die Kompanie verplig was hom in 1790 te ug te roep.

Van de Graaff gee te veel geld uit, Kompanie roep hom terug.

---

## TWEE KOMMISSARISSE.

1792. **Nederburgh en Frykenius.**

Regering van Holland doen ondersoek.

DIE regering van Holland begin nou in te s dat sakies met die Kompanie verkeerd l Hulle besluit om dinge te ondersoek en daar toe 'n kommissie aan, en dit blyk, dat die K panie so goed as bankrot was.

Twee Kommissarisse moet sake reg maak.

Die regering van Holland besluit toe om t Kommissarisse—Nederburgh en Freykenius — Suidafrika te stuur met die opdrag om die Boere veel moontlik te help en hulle tevrede te stel, w Holland het toe al bang geword, dat die Boere h van die moederland sal afskei, en self 'n regering opsit.

Landbank opgerig met papiergeld.

Die eerste wat hulle doen is 'n Bank van Le of Landbank op te rig, maar die enige geld, wat h had, was papier. Die Boere kon daar geld leen hulle ergste skulde te betaal. Verder werd to staan, dat hulle al die koring en wyn, wat die K panie self nie nodig had nie, naar Holland of I kon stuur, maar dit moes met Hollandse skepe voer word. Maar omdat die meeste Hollandse sl al deur Engeland gevat was, het dit so goed as i gehelp nie.

Boere mag direk handeldryf met Holland en Indië. Help niks, geen skepe.

Die Kosa's begin toe ook weer oproerig te w 'n Kommando Boere word uitgestuur om die kaf weer oor die Visrivier te jaag, maar die Komn dante was jaloers op mekaar en die hoof-komn dant Maynier het meer gedink van die kaffers as

Kosa's weer oproerig. Hoof-kommandant op die hand van kaffers.

e Boere, sodat die ekspediesie op niks uitgedraai t nie, en die Boere is ontevrede huistoe. Hulle as nou so ontevrede met die bestuur van die Kom-nie, dat daar elke oomblik oproer kon uitbreek. Boere kwaad en gaan huistoe.

Die Kommissarisse Nederburgh en Frykenius as nou so moeg vir hulle mislukte poginge om sake reël, dat hulle 'n sekere meneer 1793. Kommissarisse na Java.

**Abraham Sluysken**

ngestel het om verder die beheer van sake oor te em terwyl hulle self met die eersvolgende skip na va gegaan het. Sluysken neem bestuur oor.

---

## 'N KEERPUNT IN DIE GESKIEDENIS. 1795.

OM sake van daardie dae goed te begryp moet ons eers 'n kort oorsig neem van toestande in Europa. In Frankryk was daar 'n groot ewolusie uitgebreek. Die Franse was al vir eeue eur hulle konings en sy ryk vrinde verdruk geword, nder om ooit 'n aandeel in die regering te neem. it wou hulle nie langer verdra nie. Hulle wou self egeer, hulle wou: "Vryheid, Gelykheid en Broeder-kap" vir iedereen. Alweer 'n draai na Europa. Rewolusie in Frankryk.

Die koning met honderde edelliede—dis mense et tietels soos die Engelse Lords—word na die ska-ot gesleep en onthoof. Koning onthoof.

Amerika Republiek.

Die Amerikane het hulle vrygeveg van Eng land en het 'n Republiek gevorm.

Boere wil self regeer.

Die Boere in Afrika was ontevrede met die r gering van die N. O. I. Kompanie. Hulle word ve druk inplaas van beskerm, want Kaffers en Hotno kan roof en steel sonder hulle gestraf word.

Van hulle voorstelle, om verbetering in hul griewe te bring, werd totaal g'n notiesie geneem ni

Is dit dan te verwonder dat die Boere ook begi dink het aan „Vryheid, Gelykheid en Broederskap? Is dit dan onredelik, dat hulle begin dink het or hulle af te skei van die O.I. Kompanie en self ' Republiek te vorm?

Landdrost Maynier weg-gejaag.

In Graaff-Reinet het hulle begin hulle Land dros weg te jaag—Maynier, was sy naam—dieselfd Maynier wat so'n mislukking gemaak het van di laaste oorlog teen die Kosa's. Hulle kies van Jaars veld as hulle Kommandant. In Swellendam werd 'ı Republiek gevorm met sekere meneer Steyn as Pre sident. Hulle besluit nie langer onder die bestuu van die Kompanie te staan nie. Sluysken was on magtig iets daarteen te doen, want hy moes sy sol date in Kaapstad hou, ingeval daar 'n aanval deu die Engelse sou plaas vind om die Kaap te vat.

Swellendam word 'n Republiek.

Sluysken kan niks daarteen doen.

En hierin was hy reg soos die volgende hoofstuk ons sal leer.

## DIE ENGELSE NEEM DIE KAAP. 1795.

ONS weet reeds, dat daar in Frankryk 'n rewolusie was en nie lang daarna het dieselfde rewolusie hom versprei oor Holland. Daar was twee partye n.m. die Franse Party—die Patriotte genoem—en die koningsparty—Oranje party genoem. Die Patriotte was die sterkste, dus die Vors van Holland—die Prins van Oranje—moes vlug na Engeland. Die Engelse maak hiervan gebruik en weet van die Prins van Oranje 'n lasbrief te kry om die Kaap vir hom te bewaar tot die tyd, dat Holland weer rustig sal wees.

Rewolusie in Holland.

Twee partye Patriotte- en Oranje-party.

Prins van Oranje vlug na Engeland. Lasbrief om die Kaap te vat.

Dadelik word die nodige skepe en troepe in orde gemaak, en na die Kaap gestuur. Hulle anker in Simonsbaai.

Eers word drie offisiere gestuur om met Sluysken te onderhandel. Hulle wys hom die lasbrief van Prins van Oranje. Sluysken sou graag aan die lasbrief voldoen het, want hy was Oranjegesind, maar hy was in diens van die Kompanie, dus as hy eerlik wou bly, moes hy die Kaap verdedig. Sy troepe, wat in Simonsstad was, roep hy terug na Muizenberg om daar posiesie in te neem, en onmiddellik word daar bodes uitgestuur om die Boer-kommando's op te roep.

Sluysken Oranje-gesind maar is in diens van Kompanie en moet die Kaap verdedig.

Troepe van Kompanie by Muizenberg opgestel.

So gou toe die Hollandse troepe uit Simonsstad weg was, word die Engelse troepe aan land gesit en Generaal Craig—hulle hoof-offisier—maak hom gereed die Boere-posiesies aan te val.

Boere opgeroep.

**Geveg by Muizenberg, Lille trek terug.**

Die 7de Augustus word die eerste aanval gemaak, maar voor daar nog 'n skoot geval het, trek de Lille, wat bevel het oor die Kompanie se troepe terug en gee pad vir die Engelse.

As ons dit so lees, dan kan 'n mens somaar kwaad word, maar vrindjies — stadig — moenie so haastig oordeel nie. Die offisier de Lille was ook 'n Oranje man, en amper al sy troepe ook.

**Kanonne probeer Engelse teen te hou.**

Hoe kon die man nou teen sy eie koning veg. Hy het goed geweet, dat die Engelse 'n lasbrief van die Prins van Oranje had om die Kaap af te gee. Dat die Engelse miskien ander bedoelings gehad het om tog die Kaap te hou, kon hy nie weet nie.


**Kompanie. troepe vlug na Wynberg.**

Die kanonne het nog probeer die Engelse troepe teen te hou, maar hulle moes ook gou pad gee; die oormag was te groot, en toe die Boere dit sien trek hulle ook terug, want hulle begin nou aan verraad te dink.

**Nog meer Engelse troepe.**

Naby Wynberg neem die troepe, kanonne en Boere weer nuwe posiesies in, maar die Engelse troepe bly by Muizenberg agter, en vat natuurlik al die kos en ammunisie, wat daar opgestapel was.

'n Paar weke daarna kom daar nog 'n Engelse vloot in Simonsbaai aan, en word daar nog drie duisend troepe geland onder generaal Clarke, sodat hulle toe amper vyfduisend man sterk was. Toe alles gereed was, werd hulle in twee kolomme opgestel, en het hulle die pad na Kaapstad opgemarsjeer.


Kaapse
Skier
Eiland.
Kasteel
Kaapstad
Rondebosch.
Rod deur Engelse Troepe gevolg
Muizenberg
Simonsstad.
Kaap Goede Hoop

By Wynberg het daar weer so'n soort van 'n geveggie plaas gevind met dieselfde gevolg, wat by Muizenberg gebeur het. In die grootste wanorde vlug dit na Kaapstad, terwyl die Boere besluit om huistoe te gaan, want hulle is nou vas oortuig, dat daar verraad is, en na Kaapstad wil hulle nie gaan nie, omdat daar kans is, dat hulle as krygsgevangene sal behandel word.

'n Geveggie by Wynberg.

Kompanie-troepe vlug na Kaapstad.

Boere gaan huistoe.

Daar was nou niks anders oor as om maar oor te gee. 'n Wapenstilstand werd gehou om die kondiesies van oorgawe te bespreek.

Oorgawe.

Die ooreenkoms was:

a. Dat die Boere hulle godsdienstige en burgerlike regte sal behou.

Kondiesies.

b. Dat geen nuwe belastings sal opgelê word nie.

c. Dat die eiendomme van die N.O.I. Kompanie as sekuriteit sal bly vir al die papiergeld wat in omloop is.

Die Kompanie se soldate moes wapens aflê, en die offisiere moes 'n eed aflê, dat hulle gedurende die oorlog nie teen die Engelse sou veg nie.

En so was die bestuur van die N.O.I. Kompanie op 'n end en was Suidafrika in die besit van die Engelse.

Bestuur van Kompanie op 'n end.

1795-1803. **EERSTE BRITSE OKKUPASIE.**

Generaal Craig bly agter om die bestuur van die Kaap voort te sit.

KORT na die oorgawe van die Kaap met die Engelse strydmagte gereeld was, is hulle hoof-offisiere na Indië gegaan, terwyl Generaal Craig agter gebly het om die bestuur van die Kaap verder voort te sit.

Hy doen sy bes Boere te bevredig.

Hy het alles in sy vermoë gedoen om die Boere tevrede te stel met die nuwe Engelse bestuur. Soos beloof was, werd geen nuwe belastings opgelê nie.

Betaling in kontant geld.

Hulle kon koop en verkoop soos hulle wou, en vir die produkte, wat die Britse troepe nodig gehad het, werd in harde geld betaal inplaas van papiergeld.

Boere om Kaapstad tevrede.

Dit alles het die mense in Kaapstad en in die distrikte naby Kaapstad baie tevrede gemaak met die nuwe bestuur, maar die twee Republiekies, wat in Swellendam en Graaff-Reinet se distrikte was, wou hulle nie onderwerp nie. Die inwoners van daardie distrikte het net gemaak of daar nie 'n Britse gesag was nie. Om hulle toe te dwing het Genl. Craig alle toevoer van ammuniesie en handelsgoedere gestop. Vanuit Holland is toe nog 'n poging gedoen hulle te help, maar sonder gevolg, sodat hulle naderhand ook verplig was in te gee.

Die twee Republiekies weier Britse gesag te erken.

1796.

In 1796 het Holland en Frankryk nog probeer die Kaap terug te neem. 'n Kleine vloot Hollandse skepe werd na die Kaap gestuur waar hulle 'n klomp Franse skepe van Indië sou ontmoet. Toe die Hollandse skepe daar aankom, besluit die bevelhebber in Saldanha-baai te wag. Die Engelse kom die plan

Holland en Frankryk probeer die Kaap terug te neem.

agter en stuur dadelik hulle skepe na Saldanhabaai, en hulle troepe oor land, sodat die Hollanders op 'n goeie more sien, dat hulle tussen twee vure sit. Hul- en hulle troepe oor land, sodat die Hollanders op 'n le was verplig om oor te gee sonder 'n skoot te skiet.

1797-'98.

Macartney bederf weer alles wat Graig goed gemaak het.

Nadat Generaal Craig vir twee jaar lang tot groot tevredenheid regeer het, werd daar 'n Goewerneur Macartney van Engeland gestuur, met dieselfde magte as wat die goewerneurs van die O.I. Kompanie gehad het. Hy was wel 'n regvêrdige man, maar al die voorregte, wat die Boere verkry het onder Craig, werd weer alles terug geneem. Hulle kon nie meer self handel dryf nie, en die regering het weer self sy eie pryse gemaak vir die Boere se produkte. Hierdeur werd die ontevredenheid weer net so groot as vroeër.

1799.

Oproer in Graaff-Reinet Van Jaarsveld gevang.

In 1799 werd Adriaan van Jaarsveld gevang op 'n beskuldiging van vervalsing van 'n kwitansie. Sy vrinde besluit toe om hom te ontsit, waarin hulle ook slaag. Dit kon Engelsman nie ongestraf laat nie, Dadelik werd troepe gestuur om hulle te straf, en omdat die Engelse oormag te groot was moes van Jaarsveld en sy vrinde oorgee.

Oorgawe.

Meerderheid beboet.

Die groot meerderheid van hulle werd vrygelaat na betaling van verskillende boetes, die ander twintig werd na Kaapstad gebring om voor die Hof te verskyn. Twee werd ter dood veroordeel, een gegesel en verban en van Jaarsveld met nog 'n ander het in die gevangenis gesterf

Voormanne na Kaapstad om voor Hof te verskyn.

Oorlog met Kosa's, uitslag 'n mislukking.

Die Kosa's werd ook weer oproerig, maar daar was geen van Jaarsveld om hulle weer reg te maak nie. Die Engelse offisiere het die soort vegtery met kaffers nie verstaan nie, en die Boere het die offisiere nie vertrou nie, sodat vir drie jaar lang gedurig geveggies plaasgevind het sonder dit tot 'n besliste end gekom het.

Tjaart v.d. Walt gestuur teen Kosa's.

Hy sneuwel

Boere weer huistoe.

Naderhand werd 'n dapper Boer—Tjaart van der Walt—met 'n kommando op hulle afgestuur. In die begin het hulle die kaffers tamelik baas geraak, maar toe Tjaart van der Walt in 'n geveg gedood werd, toe het die orige Boere hulle moed verloor, en het weer huistoe gegaan.

1799.

Sir George Yonge het sake nog verder verknoei.

In 1798 moes goewerneur Macartney terug na Engeland weëns siekte, en in sy plek werd Sir George Yonge gestuur, wat sake nog verder verknoei het. Sy klerke het op allerlei oneerlike maniere geld gemaak, en daar het soveel klagtes teen hom ingekom dat hy in 1801 terug geroep werd. So het sake aangesukkel tot daar in 1803 berig kom, dat die vrede in Europa weer herstel is, waarby besluit is, dat Engeland die Kaap weer aan Holland moes terug gee.

Die vrede van Amiens.

Die vredeskontrak werd gesluit in Amiens—'n dorp in Frankryk—en so word die vrede nog altyd genoem die Vrede van Amiens—onthou dit.

## DIE KAAP ONDER BESTUUR VAN DIE BATAAFSE REPUBLIEK.

1803.

JULLE weet nog, dat in Holland twee partye was: die Oranje party, wat 'n koning wou hê, en die Patriotte party, wat 'n republiek wou hê. Wel die Patriotte was die sterkste, en toe die vrede geteken is te Amiens, toe word Holland 'n republiek, wat hulle die naam gegee het van Bataafse Republiek. Die N. O. I. Kompanie was dood, dus toe kom die Kaap onder direkte bestuur van die Hollandse Regering.

Holland 'n Republiek.

Die Kaap onder direk bestuur van Holland.

Twee manne werd gestuur om sake te reël. Generaal Janssen was aan die hoof van die troepe en was tegelyk ook goewerneur, en Jacob de Mist het aan die hoof van die burgerbestuur gestaan. Hy het die tietel van Hoë-Kommissaris gehad.

Die eerste Maart 1803 werd deur die hele land as dankdag gevier omdat die kolonie weer onder Hollandse bestuur was. Al die burgers, wat nog in die gevangenis was weëns politieke misdade teen die Engelse bestuur, werd vrygelaat.

Dankdag.

Sowel Generaal Janssen, as meneer de Mist het altwee hulle uiterste bes gedoen die bestuur van die Kaap te verbeter. Daar werd 'n Raad ingestel, waar behalwe die goewerneur nog vier ander manne kon saampraat; daar werd nuwe distrikte gevorm; meer Landdroste aangestel, wat ook huwelike mog inseën. Die onderwys werd verbeter, 'n gereelde briewe pos werd ingestel en meer sulke dinge wat help om 'n

Burgers in gevangenis vry gelaat.

Grote verbeteringe aangebring.

Landdroste aangestel.

Hotnots in lokasies.

land beskaaf te maak. Hotnots werd in lokasies gesit, maar dit was 'n mislukking, want 'n Hotnot laat hom nie opsluit nie.

Kosa's bang vir Bataafse Republiek.

Die Kosa's werd ook weer rustig, want hulle het gedink dat Groot Meneer Bataafse Republiek baie sterk moes wees, as hy Engelsman kan wegjaag, dus hulle het bietjie respek gekry en stil anderkant Visrivier gebly.

Helaas, al die vreugde was van korte duur, want die Vrede van Amiens was somaar 'n spulletjie gewees om bietjie asem te skep om weer beter te kan oorlog maak.

Weer oorlog in Europa.

Dit was nie lang nie of die oorlog in Europa breek weer uit, en Engeland neem weer sy kans waar om die Kaap vir die twede maal te verower.

---

1806.

## ENGELAND NEEM DIE KAAP VIR DIE TWEDE MAAL.

Engeland stuur weer skepe om die Kaap te neem.

IN die begin van Januarie van die jaar 1806 het daar drie en sestig Engelse skepe by die ingang van Tafelbaai kom anker. Daar was net 'n storm, sodat die troepe nie dadelik kon land nie, maar die volgende dag was die storm bedaar, en werd onmiddellik 'n begin gemaak om die soldate aan land te sit.

Generaal Janssen verdeel sy troepe.

Die Hollandse generaal Janssen het nie al sy troepe in Kaapstad gelaat nie, omdat hy nie al sy kanse in eens wou verloor nie, want hy het geweet

dat die Engelse mag veel sterker was as syne. Die Engelse het amper vyf duisend soldate gehad en Janssen had omtrent twee duisend man, waarvan die meeste gehuurde troepe van allerlei nasies was. Daar was Hollanders, Franse, Duitsers en nog baie ander soorte, waarop hy maar min kon vertrou. So gou Generaal Janssen sien, dat die Engelse troepe begin optrek na Kaapstad, trek hy hulle tegemoet en naby Blauwberg begin die kanonne te skiet. Vir 'n rukkie word daar aan weerskante dapper geveg, maar toe die bomme onder die Duitse huurtroepe begin val, is daar ook somaar 'n groot verandering. Hulle gee nie om of Holland of Engeland die Kaap het nie en, toe die geveg 'n bietjie warm werd, begin hulle te vlug. Die burgers en ander troepe word toe mismoedig, en dit duur nie lang nie of hulle begin ook te retireer.

Geveg by Blauwberg.

Duitse huurtroepe vlug.

Generaal Janssen stuur toe die vreemde troepe na Kaapstad, en hyself trek met sy Burgers en Hollandse troepe na Hottentots Holland — kyk op die kaart.—Hy doen dit om op die manier betere voorwaardes te kry, want hy weet verseker, dat hy die Engelse nie kan keer nie.

Vreemde huur-troepe na Kaapstad.

Burgers en Hollandse troepe na Hottentots Holland.

Die hoof-offisier van die uitlandse troepe vra toe aan die Engelse Generaal Baird om wapenstilstand om die kondiesies van oorgawe te bespreek. Hulle maak toe omtrent dieselfde ooreenkoms as die eerste maal. Die vaste troepe moes wapens aflê; die Boer mag huistoe gaan, en sal al hulle vroeëre regte

Wapenstilstand.

Voorwaarde van oorgawe.

behou; al die eiendomme van die Bataafse Republiek moes as sekuriteit bly vir al die papiergeld.

Genl. Janssen en Hollandse troepe terug na Holland.

Maar nou moes die Engelse Generaal nog afreken met Generaal Janssen. Hulle kom ooreen, dat sy troepe terug gestuur sal word na Holland op koste van die Engelse goewerment.

En so is die Kaap vir die twede maal in die besit van Engeland, en die Hollandse bestuur was toe vir goed op 'n end.

---

## DIE EERSTE JARE ONDER DIE ENGELSE BESTUUR.

Nuwe tydperk in ons geskiedenis.

EN nou kom ons by 'n tydperk van die Suidafrikaanse geskiedenis, wat deur party geskiedskrywers genoem is „Een eeuw van Onreg". En dit mag wel so genoem word, want al is daar bladsye in ons geskiedenis, waar die Engelse bestuur miskien nie veel onregvêrdiger genoem kan word as die bestuur van die N.O.I. Kompanie nie. Tog weet ons algar, dat 'n pak slae van ons eie pa nie so swaar is om te verduur as slae van ons meester of 'n ander kind se pa nie. En so was dit met die Afrikaanse volk ook; hulle het die onreg van Jan Kompanie meesal met geduld verdra, maar onreg deur Mister Engelsman aangedaan het altyd bitterlik seer gemaak, en het dikwels oorsaak gewees van oproer of oorlog.

Die eerste goewerneur, wat deur Engeland gestuur werd, was Graaf Caledon. Hy had dieselfde magte as die vroeëre goewerneurs van die O.I. Kompanie; hy kon wette maak, soos hy wou, en was net verantwoordelik aan die Koloniale Sekretaris in Engeland—dit was 'n man wat in Engeland leisels gehou het oor perde, wat oor die wereld los loop.— Daardie Graaf Caledon was 'n baie goeie liewe man, wat veel gedoen het aan sy ewemense, maar as die leisel-houer in Engeland aan die linker leisel trek, dan moes hy ook maar links gaan, en daarom moes hy op order van die Engelse leiselhouer weer alles verander, wat die Bataafse Republiek makliker en regvêrdiger gemaak had. So werd die vrye handel ingetrek; die produkte moes weer aan die goewerment verkoop word vir die pryse wat hulle vasgestel het.

**Graaf Caledon eerste Engelse goewerneur.**

**Selfde magte as goewerneurs van Kompanie.**

**Alles word weer op die ou styl ingerig.**

'n Goeie ding, wat hy gedoen het, was: om die Hottentotte 'n bietjie vaster aan 'n lyntjie te lê. Hulle had tot so ver nog altyd kon rondswerf soos hulle wou, maar Graaf Caledon het 'n wet gemaak, dat hulle 'n pas moes dra, en die wat nie pas wou dra nie moes dan maar rond swerf buitekant die witmense se grond.

**Hotnots moes pas dra.**

In 1811 het daar weer 'n ander goewerneur gekom—Sir John Cradock.—Hy was ook 'n man, wat graag goed gedoen het sodat die Boere, onder omstandighede, tamelik tevrede was, solang as die twee eerste goewerneurs regeer het. Toe Sir John hier aankom, sien hy al gou uit rapporte, dat sakies met

**1811.**

**Sir John Cradock opvolger van Graaf Caledon.**

Kosa's weer oproerig.

die lastige Kosa's nie gaan soos dit moet wees nie.

Boer-kommando en troepe uitgestuur onder Kolonel Graham.

Hy stuur 'n sterk Boere-kommando, ondersteun deur uitlander troepe en 'n regiment Hotnots onder bevel van Kolonel Graham, met die opdrag om te probeer die Kosa's op vriendskaplike manier reg te help, maar as dit nie kan nie, dan moet hy hulle met strenge maatreëls dwing om hulle kalm te hou.

Mooipraat help nie, moet oorlog maak.

Dit blyk al gou, dat mooi praat nie help nie, want hulle weet op 'n skelm manier hier en daar klein klompies Boere en troepe te omsingel om hulle te vermoor.

Daar is dus niks anders oor as net oorlog maak. Die Boere-kommanda's met die Hotnot-regimente word in ses afdelings verdeel om die land skoon te vee, terwyl die uitlander troepe agteraan kom om posiesie in te neem, as daar altemits kaffers deurbreek.

Die land weer skoon van kaffers.

Die plan het goed gewerk, en binne 'n korte tyd was die land skoon en amper al die kaffervee gevat.

Rondgaande Hof ingestel.

'n Ander goeie ding, wat die eerste Engelse goewerneurs ingestel het, was die Rondgaande Hof. Drie regters het rond gegaan om in die buite distrikte oor groot hofsake te beslis en ook om toe te sien dat die landdroste hulle plig goed waarneem. Hieroor was die Boere eers baie tevrede, maar later is deur die Engelse sendelinge misbruik gemaak van die goeie saak, sodat dit verander het in 'n pes vir die land, wat groteliks meegewerk het dat party Boere nadernand die land verlaat het.

Hoor hoe die goeie saak 'n slegte geword het.

## DIE RONDGAANDE HOF, OOK WEL GENOEM DIE SWARTE OMGANG.

1812.

ONS het in ons laaste les gehoor hoe daar 'n Rondgaande Geregshof ingestel was om oor moordsake en ander groot hofsake te beslis. Die Boere was hiermee baie ingenome, want vroeër moes sulke sake in Kaapstad gehoor word, en daardeur moes hulle soms 'n verre reis maak, wat hulle vir dae of weke uit hulle werk hou, terwyl deur die Rondgaande Hof al die tydverkwisting onnodig was.

Boere eers tevrede met Rondgaande Hof.

Maar, helaas, party Engelse sendelinge, wat oor die hele Kaap versprei was, het daarvan gebruik gemaak om die Boere te vervolg. Hulle het briewe na Engeland gestuur, waarin hulle allerhande slegte dinge van die Boere vertel het hoe hulle die Hotnots en hulle slawe mishandel. Die regering van Engeland het dit alles vir reine waarheid aangeneem, en order die Rondgaande Hof, om al die aanklagtes te ondersoek.

Sendelinge maak misbruik van Hof.

Klagtes oor mishandeling van diensbodes.

So gou dit bekend werd, reen dit dagvaardings oor die hele land. Amper sestig Boere en Boervrouens moes voor die Hof verskyn op klagtes van mishandeling van hulle slawe of ander kleurlinge. Meer as duisend getuies werd opgeroep om verklarings af te lê.

Dagvaardings oor die hele land.

Gelukkig het al gou geblyk, dat die meeste van die klagtes onwaar was, of baie erger gemaak as dit werklik was, sodat daar maar min van die aangeklaagdes gestraf is, maar julle begryp seker, dat dit alles groot verbittering teen die Engelse regering

Klagtes blyk ongegrond.

## 'N PAAR VAN DIE VERNAAMSTE JAARTALLE.

| | |
|---|---|
| Bartolomeus Dias ontdek die Kaap die Goede Hoop. | 1486. |
| Vasco da Gama seil vir die eerste maal rond die Kaap na Indië. | 1497. |
| Die Nederlandse Oost Indiese Kompanie word gevorm. | 1602. |
| Die „Haarlem" strand in Tafelbaai. | 1648. |
| Aankoms van Jan Van Riebeek aan die Kaap om 'n verversingstasie te stig. | 1652. |
| Die eerste „Vrye Burgers" vestig hulle by Rondebosch. | 1657. |
| Simon van der Stel | 1679-'99. |
| Stellenbosch gestig | |
| Aankoms van die Hugenote. | 1688-'90. |
| Willem Adriaan van der Stel. | 1699-1707. |
| Adam Tas. | 1727-'29. |
| Pieter Gijsbert van Noodt. | 1739-'51. |
| Hendrik Swellengrebel. | 1751-'71. |
| Vader Tulbagh. | 1771-'85. |
| Joachim van Plettenberg | 1773. |
| Heldedaad van Wolraad Woltemade. | 1785-'91. |
| Cornelis van de Graaff. | 1793-95. |
| Nederburgh en Frykenius—Kommissarisse. | 1793-'95. |
| Kommissaris Sluysken. | 1792-'93. |
| Rebellie te Graaff-Reinet en Swellendam. | 1795. |
| Engeland vat die Kaap vir die eerste maal. | 1795. |
| Generaal Craig. | 1795-'97. |
| Holland probeer die Kaap terug te vat. | 1796. |
| Graaf Macartney. | 1797-'98. |

| | |
|---|---|
| 1799-1801. | Sir George Yonge. |
| 1802. | Die Vrede van Amiens. |
| 1803. | Engeland gee die Kaap terug aan Holland. |
| | Die Kaap onder die Bestuur van die Bataafse Republiek. |
| 1803-'06. | Jan Willem Janssen. |
| 1806. | Engeland vat die Kaap vir die twede maal. |
| 1807-'11. | Graaf Caledon. |
| 1811-'14. | Die Rondgaande Hof gestig; ook wel genoem die Swarte Omgang. |
| 1811. | Sir John Cradock. |
| 1814-'26. | Lord Charles Somerset. |
| 1815. | Slagter's Nek Rebellie. |

## GESKIEDENIS IN 'N SKULPIE.

*Handel op Indië.*

DAAR was altyd 'n groot handel gewees tussen Europa en Indië, vernamelik in speserye, rys, katoen, ens.

*Transport duur.*

Die transportkoste was duur, want die goedere moes op party plekke met kamele vervoer word, en daarom is daar baie moeite gedoen 'n goedkoper handelspad oor see te kry.

*Hendrik die Seevaarder soek goedkoper pad.*

Hendrik die Seevaarder van Portugal het 'n groot stoot vorentoe gegee om 'n nuwe seepad te soek, deur skepe langs die Weskus van Afrika te stuur, wat altyd verder en verder geseil het.

*Dias seil om die Kaap.*

Bartolomeus Dias het in 1486 ~~rond~~ om die punt van Afrika geseil, en het omtrent so ver gekom as waar nou Port Elizabeth is.

*Da Gama open die seeweg na Indië.*

Vasco da Gama het toe in 1497 die seeweg naar Indië vergoed geopen. 'n Groot wereldhandel het toe ontstaan tussen Portugal en Indië.

*Portugese stig handelstasies.*

Die Portugese het hulle handelstasies mees langs die Ooskus van Afrika gemaak, omdat hulle daar ivoor en goud kon ruil van die inboorlinge. Die Kaap het hulle links laat lê, omdat daar nie goud en ivoor was nie, en omdat daar 'n paar maal moeilikhede was met die Hotnots.

*Holland haal Indiese koopware in Lissabon.*

Vanaf 1500 tot 1580 het Holland sy Indiese koopware by Portugal gaan koop. Daar het oorlog gekom tussen Holland en Spanje oor godsdiens, en toe die koning van Spanje ook koning werd oor Por-

Hawe van Lissabon gesluit.

tugal het hy die hawe van Portugal—Lissabon—vir die Hollandse skepe gesluit.

Holland stuur sy eie skepe na Indië.

Die Hollanders het toe self skepe na Indië gestuur, en so het daar 'n lewendige handel ontstaan tussen Indië en Holland.

Die handel het naderhand so groot geword, dat 'n groot kompanie gevorm is, met die naam Nederlands-Oost-Indiese Kompanie.

Die reis na Indie duur soms ag maande. Matrose word siek.

Die reis van Holland na Indië het in daardie dae soms ag maande gevat, en die matrose het gewoonlik siek geword op die skepe, omdat hulle te lang sout vleis en droë beskuit moes eet. Die beste geneesmiddel vir daardie siekte is groente, maar dit het vyftig jaar gevat voor daar 'n groentetuin aan die Kaap aangelê is. Dit het so gekom: In 1648 strand daar 'n Hollandse skip, die „Haarlem" in Tafelbaai. Die matrose het goed aan land gekom, en kon nog party goed van die skip red. Daar was 'n bietjie groentesaad by, wat hulle gesaai het, en dit het so mooi gegroei, dat hulle gou-gou volop groente had, wat al hulle siektes genees het.

Die Haarlem strand in Tafelbaai.

Matrose plant groente.

Jan van Riebeek lê groentetuin aan, en bou hospitaal.

Toe hulle later met 'n ander Hollandse vloot weer naar huis is, het 'n paar offisiere aan die Kompanie gaan vertel, hoe goed dit sou wees 'n verversingstasie aan die Kaap te stig, en sodoende is Jan van Riebeek in 1652 daarheen om 'n groot groentetuin aan te lê en 'n hospitaal te bou.

Van die tyd af is Suidafrika deur witmense bewoon geword, en het die wit bevolking steeds gegroei

en gegroei, sodat ons vandag al tot die groot nasies gereken word.

Eerste „Vrye Burgers" by Rondebosch.

Jan van Riebeek het honderd en vyftig man by hom gehad, waarvan party later by Rondebosch self gaan boer het, en hulle werd die eerste „Vrye Burgers" genoem.

Na Jan van Riebeek is daar verskillende goewerneurs gewees, maar die meeste van hulle het min gedoen om die land vorentoe te help.

Simon v.d. Stel bou kerk en skool.

Die eerste man wat baie vir die land gedoen het, was Simon v. d. Stel. Hy het 'n nuwe dorp aangelê, 'n kerk gebou en 'n skool. Vir die jong Boere het hy Weesmeisies uit Holland laat kom. Hy het duisende en duisende jong boompies vir die Boere gegee, waardeur Kaapstad en sy omstreke vandag een van die mooiste plekke in Suidafrika is. Op sy verjaardag het hy altoos 'n groot fees gegee, waar almal welkom was. Om die Boere te leer skiet het hy 'n houtvoël boonop 'n paal laat sit, wat dan hulle skyf was.

Weesmeisies.

Skyfskiet.

Die land verder ondersoek.

Hy het ook die land verder gaan ondersoek en het 'n ryk koperrief ontdek. In sy tyd het ook die Hugenote aangekom; dis mense wat vir hulle geloof uit Frankryk gevlug het.

Aankoms van Hugenote.

Adriaan v. d. Stel en Adam Tas.

Na Simon v. d. Stel is sy seun Adriaan goewerneur geword. Hy kon die Boere nie tevrede stel nie, sodat hulle sekere klagtes teen hom ingebring het. Adam Tas was die voorman van daardie beweging. Die Kompanie het sake ondersoek, en bevind dat die klagtes gegrond was, en so werd Adriaan v. d. Stel uit sy pos geset.

Na hom het daar weer 'n hele paar ander goewerneurs gewees, waarvan maar min kan vertel word. Van hulle sal ons later leer.

Van Noodt se storie.

Van Pieter Gysbert van Noodt word 'n snaakse storie vertel. Hy het die Kompanie se soldate so sleg behandel, dat party van hulle besluit het om weg te loop. Hulle werd gevang en ter dood veroordeel. Toe hulle gehang werd, het een van hulle vir Van Noodt vir die regterstoel Gods gedaag, en toe die geregsdienaars vir Van Noodt gaan vertel het, dat die vonnis uitgevoer was, vind hulle hom dood in sy stoel.

Vader Tulbagh eers jongste klerk.

Na hom is Ryk Tulbagh, die mees bekende goewerneur. Hy werd meesal Vader Tulbagh genoem omdat hy so'n liewe man was. Hy het in diens van die Kompanie gekom as jongste klerk, maar deur sy goeie werk het hy hom weet opwerk tot goewerneur. Hy was baie straf op sy klerke, want oneerlikheid kon hy nie verdra nie; daarom was die Boere so lief vir hom. In sy tyd is die Prag- en Praal-Wette ingevoer. Duisende witmense en kleurlinge het aan die pokkies gesterwe.

Naderhand Goewerneur.

Pokkies.

Joachim van Plettenberg.

Na Vader Tulbagh was daar Joachim van Plettenberg. Hy was weer glad anders as Vader Tulbagh. Van Plettenberg het sy klerke laat maak soos hulle wou, wat die Boere weer baie ontevrede gemaak het. Hulle het 'n petiesie gestuur na die Kompanie, maar dit het niks gehelp nie. In sy tyd het die Kosa's ook weer oproerig geword. Hy is persoonlik na hulle toe, en hy het 'n ooreenkoms met

Boere ontevrede.

Ooreenkoms

hulle gemaak, dat die kaffers oorkant die rivier sal bly en die Boere deuskant. Die kaffers bly maar moor en steel, sodat van Jaarsveld gestuur word met 'n Kommando Boere, Die kaffers kry 'n gedugte loesing en duisende stuks vee word gevat, wat onder die grensbewoners verdeel is.

Van Jaarsveld set Kosa's op hulle plek.

Omtrent dieselfde tyd het Engeland oorlog met Holland en Frankryk gehad. Engeland wou die Kaap gaan vat en stuur sy vloot. Frankryk stuur toe sy vloot agterna. Hulle het 'n bietjie geveg naby Groenkaap. Die Engelse skepe werd party stukkend geskiet, en moes eers reg gemaak word. Die Franse skepe seil na die Kaap en set sy troepe aan land. Toe die Engelse skepe daar kom, is daar g'n kans vir hulle om die Kaap te vat nie, maar hulle hoor van 'n groot klomp handelsskepe, wat in Saldanhabaai lê, en die Engelse oorlogskepe vat hulle algar. Dit het die O.I. Kompanie amper bankrot gemaak.

Engeland probeer die Kaap te vat.

Frankryk help Holland.

Skepe van Kompanie gevat.

Die Kompanie werd toe bang en stuur Cornelis Jacob de Graaff as goewerneur om forte te bou. Hy verkwis die geld van die Kompanie, en so word hy terug geroep nog voor die forte klaar was.

Jacob Van de Graaff maak forte.

Die Hollandse regering begin toe te sien, dat sake aan die Kaap verkeerd gaan. Hulle stuur twee Kommissarisse, Nederburgh en Frykenius. Daar word 'n Bank opgerig om die Boere te help. Die handel met Holland en Indië word vir die Boere oopgeset. Die Kosa's word ook weer oproerig. Die twee Kommissarisse word moeg, en gaan na Java,

Nederburgh en Frykenius.

Abraham Sluysken.

nadat hulle Abraham Sluysken aangestel het om sake waar te neem.

Republiekies Graaff-Reinet en Swellendam.

In daardie dae was daar oor 'n groot deel van die wereld oorloë en rewolusies. Die Boere van Swellendam en Graaff-Reinet het ook oproerig geword, en het elk sy eie republiek gestig.

Rewolusie in Holland. Koning vlug.

In Frankryk het ook 'n groot rewolusie uitgebreek, wat naderhand versprei het oor Holland. Die Prins van Oranje moes vir sy lewe vlug na Engeland, waar hy 'n lasbrief gegee het aan die Engelse regering om die Kaap te gaan vat.

Engeland vat die Kaap.

Engeland stuur toe 'n vloot met troepe, wat in Simonsbaai aan land gesit is. By Muizenberg ontmoet die Engelse en die Kompanie se troepe mekaar, en na 'n halfhartige geveggie moes Sluysken die Kaap oorgee.

Craig bevredig Boere.

Die Engelse generaal Craig het sy bes gedoen om die Boere te bevredig. Holland het probeer die Kaap terug te vat, maar sonder gevolg.

Macartney maak hulle ontevrede.

Na generaal Craig werd goewerneur Macartney gestuur. Hy het alles weer bederwe, en die Boere werd weer ontevrede.

Tjaart v. d. Walt sneuwel.

Tjaart v. d. Walt werd toe gestuur met 'n Boerkommando. In een van die gevegte het hy geval, en die Boere word so mismoedig, dat hulle huistoe gaan.

Sir George Yonge.

Macartney moes weens siekte terug na Engeland. Sir George Yonge het hom opgevolg, en hy

het sake nog meer verknoei, daarom werd hy terug geroep.

In Europa is 'n soort van vrede gemaak, waarby bepaal is, dat Engeland die Kaap moes terug gee aan Holland, waar intussen die Bataafse Republiek gestig was.

Vrede in Europa. Die Kaap terug aan Holland.

Generaal Janssen en Jacob de Mist werd gestuur om die Kaap te bestuur. Hulle het dadelik groot verbeterings aangebring.

Die Kaap onder Bataafse Republiek.

Kort daarna het daar weer oorlog in Europa uitgebreek, en Engeland neem sy kans waar die Kaap toe vir die twedemaal te vat. Daar werd weer Engelse troepe gestuur; by Blauwberg het daar weer 'n soort geveggie plaas gevind met die gevolg, dat die vreemde huurtroepe na die Kaap vlug. Generaal Janssen retireer die Kaap verby om betere kondiesies van oorgawe te kry, wat hom ook geluk het. So was die Kaap toe vir die twede maal onder Engelse bestuur.

Weer oorlog in Europa.

Engeland vat die Kaap vir die twede maal.

Graaf Caledon was die eerste goewerneur. Hy het alles weer op dieselfde ou styl gereël soos in die dae van die O.I. Kompanie.

Graaf Caledon.

Na Graaf Caledon het Sir John Cradock gekom. Die Kosa's het weer begin steel. Kolonel Graham werd met huurtroepe en 'n Boer-kommando gestuur, en hulle jaag die Kosa's weer terug. Daar werd 'n Rondgaande Hof ingestel, wat die Boere naderhand die Swarte Omgang genoem het, omdat daar soveel kleurling sake deur behandel werd. Die Engelse sendelinge het baie klagtes teen die Boere ingebring

Sir John Cradock. Kolonel Graham jaag Kosa's weg.

Swarte Omgang.

weens mishandeling van diensbodes, maar toe die sake voorgekom het blyk dit, dat dit mees leuns was, want die beskuldigdes werd meesal vry gespreek.

Slagtersnek rebellie.

So werd daar ook klagtes ingebring teen 'n sekere Frederik Bezuidenhout. Toe hy gedagvaar werd, weier hy voor die Hof te verskyn. 'n Afdeling Hotnots werd gestuur om hom te vang. Hy vlug in 'n spelonk, waar die Hotnots hom dood skiet. Sy vrinde sweer op sy begrafnis sy dood te wreek, en probeer ander Boere te kry om oproer te maak.

Dood van Bezuidenhout.


Lord Charles — die goewerneur — hoor dit, en stuur 'n kommando Boere om die oproermakers te vang. Daar was net 'n klein klompie rebelle, wat dadelik oorgegee het. Hulle werd voor die Hof gebring, waar party veroordeel is tot boetes, maar die voormanne moes gehang word.

Oproerlinge gevang. Party moet gehang word.

---

Ferdinand Postma-Biblioteek
0183346890

36,107


NOORD AMERIKA
SUID AMERIKA
EUROPA
ASIË
AFRIKA
AUSTRALIË
RUWE SKETS
VAN
WERELDKAART